21.5 BESWAARSKRIF (IN TERME VAN KO, ART 46) – DR SJ VAN DER WALT OOR DIE BESLUIT VAN ALGEMENE SINODE 2009 OOR VROUE IN DIE REGEER- EN LEERDIENSTE (Artt 21, 114, 289)

21.5 PETITION OF PROTEST (IN TERMS OF CO, ART 46) – DR SJ VAN DER WALT REGARDING THE DECISION OF GENERAL SYNOD 2009 ON WOMEN IN THE GOVERNANCE AND DOCTRINE OFFICES (Arts 21, 114, 289)

A. Die Beswaarskrif is gestel.
The Petition of protest is tabled.

B. **Besluit:** Word verwys na Kommissie Beswaarskrifte 1 – Leerstellig.
Decision: Referred to Commission Gravamina 1 – Doctrinal.

C. Die vergadering neem kennis daarvan dat dr SJ van der Walt kennis gegee is van die Kommissierapport wat ter tafel gestel sal word en dat hy kennis gegee het dat hy nie teenwoordig sal wees nie, maar dat die Kommissierapport kan dien.
The meeting takes note that dr SJ van der Walt was informed about the Commission report that will be tabled and that he gave notice he will not be in attendance but that the Commission report must be tabled.

D. Ds BC Smit rapporteer namens Kommissie Beswaarskrifte 1 – Leerstellig.
Rev BC Smit reports on behalf of Commission Gravamina 1 – Doctrinal.

E. **BESWAARSKRIF / PETITION OF PROTEST**

Hierdie Beswaarskrif behoort volgens KO, art 46 wel ontvanklik te wees, aangesien dit grotendeels nuwe eksegetiese stof na vore bring wat nie voorheen deur die die Algemene Sinode behandel is nie.	This Petition of Protest should, according to CO, art 46, indeed be receptive since it brings new exegetic material to the fore that has not yet been reviewed by the General Synod.
Die besluit van die Algemene Sinode van 2009:667 wat na ons oortuiging nie op oortuigende Skrifgronde berus nie, en verander behoort te word, lui soos volg: "*Besluit: Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie*".	The decision of General Synod 2009:667, in our view not based on convincing Scriptural grounds and needs to be revised, reads as follows: "*Decision: The assembly decides, in accordance with the approved recommend-dation of pt 4.2, women may not serve in the special offices of minister and elder".*
Dit word egter nader aangedui in die volgende besluit: (Algemene Sinode 2009:656, (10.13.7.2b) wat soos volg lui: "*In die lig van 1 Korintiërs 11:4 lyk dit of die "swyggebod" in 1 Korintiërs 14:33-35 nie op absolute stilswye van vroulike lidmate dui nie, maar wel daarop dui dat hulle nie die Woord in gemeentelike byeenkomste amptelik mag bedien nie. Op sigself gee 1 Korintiërs 14-34-35 nie duidelike blyke hiervan nie, maar in die lig van ander duideliker Skrifdele soos 1 Timoteus 2:8-15 word dit duidelik dat dit wel so verstaan moet word*".	It is, however, more clearly set out in the following decision (General Synod 2009:656, 10.13.7.2b) that reads as follows: *"In light of 1 Corinthians 11:4 it would seem that the instruction to remain silent in 1 Corinthians 14:33-35 does not point to the absolute silence of female members, but rather that they may not officially minister the Word during congregational meetings. In itself 1 Corinthians 14-34-35 does not expressly indicate such, but other more explicit parts of Scripture like 1 Timothy 2:8-15 confirm that interpretation"*.
Daar is bepaalde leemtes in die besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die betekenis van 1 Kor 14:33–35 (Acta 2009:633-638,	There are certain shortcomings to the decision of the General Synod 2009 on the meaning of 1 Cor 14:33-35 (Acta 2009:633-

10.8; p656, 10.13.7). Hierdie leemtes het 'n groot invloed gehad op die bepaalde besluitneming van die Sinode. Die Beswaarskrif wil aantoon waarom dit noodsaaklik is om die bestaande besluit oor die betekenis en implikasies van 1 Kor 14:33-35 (vgl Acta 2009:665, 12.10.1; p667, 4.2,) in die lig van onderstaande motivering te verander.	638, 10.8; p656, 10.13.7). These shortcomings have a great impact on the decision making of the Synod. The Petition of Protest seeks to show the necessity of amending the existing decision, on the meaning and implications of 1 Corinthians 14:33-35 (cf. Acta 2009:665, 12.10.1; p667, 4.2), in light of the motivation below.
1. Beswaargrond 1 *Sinode 2009 het vir die besluit oor die betekenis en implikasies van 1 Korintiërs 14:33-35 die samehang en verband van 1 Korintiërs hoofstukke 11-14 in 'n groot mate nie in ag geneem nie. 'n Deeglike verrekening van die verband volgens Gereformeerde eksegese roep om 'n ander verstaan van 1 Korintiërs 14:33-35.*	**1. Protest Ground 1** *Synod 2009 to a large extent did not take into account the connection between 1 Corinthians 14:33-35 and 1 Corinthians 11-14 in their decision on the meaning and implications of the former. A thorough consideration of this relatedness, as per Reformed exegesis, calls for a different understanding of 1 Corinthians 14:33-35.*
1.1 Rapport 2009 toon self die samehang tussen hoofstukke 7-15 van 1 Kor aan. Dit is 'n deel in die brief waarin Paulus antwoord op die vrae wat die Korintiërs per brief aan hom gestel het. Rapport 2009 stel dit eweneens duidelik dat hoofstukke 11-14 as 'n onderdeel ook 'n bepaalde eenheid is waarin hy die vrae oor die goeie orde in die gemeentelike samekomste beantwoord (p625, 10.7.1).	1.1 Report 2009 itself indicates the connection between chapters 7-15 of 1 Cor. It forms part of Paul's response to the questions the Corinthians posed to him in a letter. Report 2009 similarly makes it clear that chapters 11-14 as sub-component also form a certain unit in which he responds on the good order in congregational gatherings (p625, 10.7.1).
1.2 Wanneer die Rapport met die bespreking van 1 Kor 11 begin, word daar wel aan die agtergrond van die Korintiërbrief aandag gegee, soos die argument en die ontstaan van die brief, asook die eerste lesers van die brief en hulle wêreld (p625-627). Wanneer daar met die bespreking van 1 Kor 14 begin word (p633), word dit beperk tot 1 Kor 14:26-40 met slegs 'n verwysing na die genoemde agtergrondsbespreking by 1 Kor 11.	1.2 The Report initiates the discussion on 1 Cor 11 by providing background to the Corinthian letter, such as the argument and origin of the letter as well as the first readers and the world they inhabited (pp625-627). Upon moving to the discussion of 1 Cor 14 (p633), the discussion is limited to 1 Cor 14:26-40 and only makes reference to the mentioned background provided for 1 Cor 11.
1.3 As die Rapport met die eksegetiese beredenering begin, word dit beperk tot 1 Kor 14:33-35. Later word in die Rapport wel bondig en oorsigtelik aandag aan die gedagteopbou van 14:26-40 gegee (p634-635). Die opbou van hoofstuk 14 in sy geheel word nie bespreek nie en verse 33-35 word nie in hul samehang met die res van hoofstuk 14 bespreek nie. Daar is ook geen poging om 1 Kor 14:33-35 in hul samehang met hoofstukke 11, 12 en 13 te bespreek nie. Dit is 'n groot	1.3 The Report's exegetic reasoning is confined to 1 Cor 14:33-35. Only further on in the Report brief and general reference is made to the thinking behind 1 Cor 14:26-40 (pp634-635). The composition of chapter 14 as a whole is not discussed and also not how verses 33-35 relate to the remainder of chapter 14. No effort is made to elucidate the connection between 1 Cor 14:33-35 and chapters 11, 12 and 13, which greatly impedes the correct interpretation of 1 Cor 14:33-35 and is also not in line with

leemte vir die korrekte verstaan van 1 Kor 14:33-35 en is ook nie in lyn met die hermeneutiese riglyne wat die Rapport self as uitgangspunt gestel het nie (p604-610, 7). Menige ouderling sal ‘n predikant teregwys wat op so ‘n manier probeer preekmaak.	the hermeneutic guidelines the Report itself states as point of departure (p604-610, 7). Many an elder would correct a minister who drafts a sermon this way.
1.4 *Hoofstuk 11 en sy verband* In hoofstuk 11 begin Paulus om bepaalde reëlings vir die goeie orde in die samekoms van die gemeente te tref. Paulus gebruik nie die woord “erediens” nie, maar wel die byme-kaarkom of die saamkom van die gemeente en volgens verse 17, 20 en 33 is dit duidelik heenwysend na die saamkom in erediens. Rapport 2009 gee ‘n deeglike uiteensetting en bespreking van die eksegetiese be-tekenis van die bepaalde sake in hoofstuk 11 (p625-633). Tereg word daarna verwys hoe Paulus telkens bepaalde beginselsake (11:3, 11:8-9, 11:11-12) uitlig en dan op bepaalde praktiese sake toepas (11:4-7, 11:10, 11:13-15). Hierdie praktiese toepas-sings is Paulus se antwoorde op die vrae wat die gemeente aan hom per brief gestel het en hoe hy glo dat die beginselstelling praktiese gestalte in die erediens van Korintiese gemeente behoort te kry. Hierdie praktiese toepassings en advies is gegrond op die beginsels van God se wil, maar die praktiese toepassings self is deel van:	1.4 *Chapter 11 and its connection* In chapter 11 Paul sets out certain measures to ensure the good order of the church. Paul doesn’t refer to a "worship service“, but to the coming together or meeting of the church and according to verses 17, 20 and 33, it is clearly a reference to coming together in a worship service. Report 2009 provides a thorough dissemination and discussion of the exegetic interpretation of the relevant matters in chapter 11 (pp625-633). It is rightly pointed out how Paul repeatedly highlights certain principles (11:3, 11:8-9, 11:11-12) and then apply them to certain practical matters (11:4-7, 11:10, 11:13-15). This practical application is Paul‘s response to the questions the church posed to him in writing and it is his belief that the principles stated should take practical shape in the worship services of the Corinthian church. This practical application and advice are based on the principles of God’s will, but the practical application itself forms part of:
1.4.1 Die tradisies (“*paradoseis* – tradisies, van *paradidomi* – om iets oor te dra) wat Paulus aan hulle oorgelewer het (vers 1).	1.4.1 the traditions (*paradoseis* – traditions, from *paradidomi* – to ask about something) Paul conveyed to them (v 1); and
1.4.2 Die uiterlike praktiese sake (*diatak-somai*, van *diatasso* – om reg te pak; om reg te rangskik) wat Paulus besig is om te reël en nog moet reël sodra hy die gemeente besoek (vers 34). Wat Paulus dus doen, is om die beginsels as die wil van God uit te lig en dan tyd- en plekgerigte praktiese toepassings van dié beginsels spesifiek vir die samekomste van die Korintiërs te maak (ook ten opsigte van die gedeelte oor die voorskrifte vir die Nagmaal in verse 17-34). Hierdie praktiese riglyne kan ook van toepassing op ander gemeentes wees.	1.4.2 the outward practical matters (*diatak-somai*, from *diatasso* – to arrange/pack properly) Paul is organising and still to organise, when he visits the church (v 34). Paulus is, therefore, relating the principles of God’s will and then creating time- and place-specific practical applications of these principles for the coming together of the Corinthians (also in regard to the section on the stipulations for the Lord’s Supper in verses 17-34). These practical guidelines could also apply to other churches.

Dit is opvallend dat Paulus in 11:5 daarna verwys dat vroue ook in die erediens kon bid en profeteer. Volgens Rapport 2009 kan hieruit afgelei word dat daar nie 'n algehele verbod op praat deur vroue in die gemeentelike samekoms was nie (Acta 2009:633, 10.7.5.4 en p637, 10.8.5.2b). In 1.8 hieronder sal 'n belangrike samehang met hoofstuk 14 bespreek word waar Paulus noodsaaklike korrektiewe op heidense praktyke aanbring wat in die Korintiërs se gemeentesamekomste voorgekom het.	It is noteworthy how Paul indicates in verse 5 that women may also pray and prophesy during services. Report 2009 contends that this leads to the conclusion that women were not entirely forbidden from speaking during church gatherings (Acta 2009:633, 10.7.5.4 and p637, 10.8.5.2b). Point 1.8 below details an important connection with chapter 14, where Paul makes the necessary corrections to heathen practices that surfaced in the Corinthians' church meetings.
1.5 *Hoofstuk 12 en sy verband* In hoofstuk 12 is daar nie direkte merkers om 'n direkte samehang met hoofstuk 11 aan te dui nie. Paulus gaan egter voort om bepaalde antwoorde op die vrae van die gemeente te gee. Hy fokus in verse 1-11 op die verskeidenheid genade-gawes, dienste en aktiwiteite wat in die gemeente teenwoordig is en hoe dit die goeie orde in die gemeente moet dien. Vanaf vers 12 tot die einde van die hoofstuk beskryf Paulus hoe die gemeente met al die gawes, dienste en aktiwiteite as liggaam van Christus moet funksioneer. In beide onder-afdelings is daar bepaalde bete-kenis-inhoud vir die verstaan van 1 Kor 14. Wat opval in hoofstuk 12 is:	1.5 *Chapter 12 and its connection* Chapter 12 does not contain explicit connections to chapter 11, but is a continuation of Paul's response to the church. He focuses in verses 1-11 on the range of gifts, services and activities present in the church and how they are to serve the good order of the church. Paul then describes from verse 12 to the end of the chapter how the church must function as body of Christ by means of these gifts, services and activities. Both sections contain content necessary for the interpretation of 1 Cor 14. The remarkable of chapter 12 is that:
1.5.1 Dat Paulus met verwysing na die uitdeel van die gawes deur die Gees enersyds die persoonlike, die "elkeen" benadruk (v7, 11, 18) en andersyds die beklemtoning van die gemeenskaplike, die "almal" (v13, 20).	1.5.1 Paul emphasises the personal, the "each" (v7, 11, 18) and on the other hand also the communal, the "all" (v13, 20) in reference to the gifts of the Spirit;
1.5.2 Dat Paulus die menslike willekeur eenkant toe skuif en die besluit en wil van God sentraal stel. Vers 11 = Die Gees gee die gawes volgens sy wil. Vers 18 = Elke lidmaat kry 'n plek in die liggaam (die gemeente) volgens God se besluit. Vers 28 = Dit is God wat die dienste en gawes in die gemeente instel.	1.5.2 Paul puts aside the arbitrariness of man and the will of God central: verse 11 = the Spirit bestows gifts according to his will; verse 18 = every member has its place in the body (the church), as God decided; and verse 28 = it is God that instates the services and gifts of the church;
1.5.3 Dat die gemeente nie in groepe ingedeel word nie, maar dat almal en elkeen ontvang en almal en elkeen	1.5.3 the church is not sub-divided, but each and all receive and God gives each and all a place in the church; no

deur God in die gemeente ‘n plek ontvang. Geen beperking word genoem nie, alleen maar die alles bepalende wil van God wat sentraal staan.	restrictions are mentioned, except for the centrality of God’s will; and
1.5.4 Dat hoofstuk 12 ‘n duidelike samehang met hoofstuk 13 uitstippel. In verse 29 en 30 stel Paulus dit dat almal nie alles in die gemeente kan doen nie. Dan volg sy oproep vir goeie orde, naamlik: Lê julle toe op die belangrikste gawes (v31). Maar eers in die volgende hoofstuk (hoofstuk 13) gaan Paulus die rigtinggewende beginsel vir goeie orde in die gemeente uitspel, en dit is die praktiese uitlewing van die liefde wat God in jou hart uitstort. Dit is uitnemender en belangriker as enige genadegawe, diens en aktiwiteit wat in die gemeente beoefen mag word.	1.5.4 chapter 12 spells out a clear connection with chapter 13. Paul states, in verses 29 and 30, how not everybody can do everything in the church. Then his call for good order follows, namely: “…eagerly desire the greater gifts” (v31). It is only in the next chapter (chapter 13) that Paul provides the direction-giving principle for good order in the church and that is the practically living the love that God pours into your heart. It is greater and more important than any gift of grace, service or activity that may occur in the church.
1.6 *Hoofstuk 13 en sy verband* Die bekende hoofstuk 13 as die loflied oor die liefde, is ‘n hoofstuk wat duidelik na hoofstukke 11 en 12 terugkoppel en wat belangrike riglyne vir hoofstuk 14 bied. Dit beskryf die liefde van God wat in ons harte uitgestort word (Rom 5:5) en wat in Jesus Christus gestalte gekry het. Dit is die Goddelike korrektief op al die verkeerde praktyke wat in hoofstukke 11, 12 en 14 aan die orde kom. Dit het alles te sê vir die liefdeloosheid by die Nagmaalviering in hoofstuk 11, vir die selfsug, hoogmoed en verdeeldheid in die najaag van gawes en bedieninge in hoofstuk 12. Dit omskrywe die kernbeginsel vir die goeie ordereëlings in hoofstuk 14. Die liefde van God wat in elke gelowige gestalte moet kry, kleur die ordereëlings van hoofstuk 14 in dié sin dat die orde in ‘n erediens veral in liefdesharmonie tot uitdrukking moet kom.	1.6 *Chapter 13 and its connection* The well-known chapter 13, as song of praise to love, is a chapter that clearly relates to chapters 11 and 12 and also provides important guidelines for chapter 14. It describes the love God poured into our hearts (Rom 5:5) and that was embodied in Jesus Christ. It is the Godly corrective of all sinful practices that are brought to the fore in chapters 11, 12 and 14. It has its say over the lovelessness at the Lord’s Supper in chapter 11; and over the selfishness, pride and division in pursuance of gifts and offices in chapter 12. It describes the core principle for the principles of good order in chapter 14, in the sense that the order in a worship service must especially be expressed through loving harmony.
Die samehang tussen hoofstukke 11-14 kan ook só omskryf word:	The connection between chapters 11-14 could also be described as follows:
1.6.1 Hoofstuk 11 is die teosentriese (Godgesentreerde) perspektief op die ordereëlings;	1.6.1 Chapter 11 is the theocentric (God-centred) perspective on good order.
1.6.2 Hoofstuk 12 is die pneumatologiese (Heilige Gees) realisering van die ordereëlings;	1.6.2 Chapter 12 is the pneumatological (Holy Spirit) realisation of good order.
1.6.3 Hoofstuk 13 is die christologiese (Christus) begronding vir die	1.6.3 Chapter 13 is the Christological (Christ) substantiation for good order.

ordereëlings;	
1.6.4 Hoofstuk 14 is die ekklesiologiese (kerklike) funksionering van die ordereëlings.	1.6.4 Chapter 14 is the ecclesiological (church) functioning of good order.
1.7 *Hoofstuk 14 en sy verband* Hoofstuk 13 is duidelik nie maar net 'n losstaande hoofstuk sonder verband nie, want dit is met uitdruklike samehang aan hoofstuk 12 en met hoofstuk 14 verbind en vorm 'n onderdeel van die argument van die geheel van hoofstuk 12-14. Die einde van hoofstuk 12 en die begin van hoofstuk 14 bevestig hierdie verband. Dit gaan in hoofstuk 14 steeds oor die saamkom van die gemeente in 'n erediens (vgl 14:12; 14:19 en 14:23). Die hoofstuk bestaan uit twee hoofdele, naamlik 14:1-25 en 14:26-39. In verse 1-25 gee Paulus sy goeie ordereëlings oor die verstaanbare opbou van die gemeente teenoor die onverstaanbare en onduidelike spreek in vreemde tale. In verse 26-29 bespreek Paulus sy ordereëlings vir al die aktiwiteite tydens die samekomste van die gemeente.	1.7 *Chapter 14 and its connection* Chapter 13 is clearly not a random chapter, without any association, because it is expressly connected to chapter 12 and with chapter 14, forming a sub-component to the argument of chapter 12-14 as a whole. The end of chapter 12 and start of chapter 14 confirm this link. Chapter 14 continues to address the coming together of the church (cf. 14:12; 14:19 and 14:23). The chapter comprises two main sections, namely 14:1-25 and 14:26-39. In verses 1-25 Paul provides the good order tenets on the understandable building of the church as opposed to the unfathomable and unclear talking in tongues. In verses 26-29 Paul details his regulations for all the activities during the coming together of the church.
Net soos in hoofstuk 11 hanteer Paulus ook 'n prinsipiële deel met verskeie beginselstellings:	As with chapter 11, Paul addresses the principal part with a range of principles:
1.7.1 Vers 25 – optrede in die samekomste moet getuig van God se teenwoordigheid;	1.7.1 Verse 25 – conduct in coming together must attest of God's presence.
1.7.2 Vers 26 – optrede in die samekomste moet tot opbou van die gemeente wees;	1.7.2 Verse 26 – conduct in coming together must be to the benefit of the church.
1.7.3 Vers 33 – optrede in die samekomste moet vol liefdesharmonie (orde) en vrede wees, want God is 'n God van orde;	1.7.3 Verse 33 – conduct in coming together must speak of loving harmony (order) and peace, because God is a God of order.
1.7.4 Vers 40 – optrede in die gemeente moet gepas en ordelik verloop. Die praktiese toepassings van hierdie beginsels word deur Paulus veral in 14:26-31 uiteengesit. Wat in hoofstuk 14 verder opval, is die oproep van Paulus om daarna te streef om in die samekomste te profeteer (v1 en 39), want deur te profeteer is jy besig om die gemeente op te bou, te bemoedig en te vertroos (v3). Die woord van God as die grondslag van die profetering word nie in vers 3 uitdruklik genoem nie, maar wel in die uitdagende vraag van	1.7.4 Verse 40 – conduct in the church must be proper and orderly. Paul sets out the practical application of these principles in 14:26-31 especially. Chapter 14 furthermore describes Paul's call for prophesy during the meetings (v1 and 39), because prophesy builds up, encourages and comforts (v3) the church. The Word of God as the foundation for prophesy is not explicitly mentioned in verse 3, but indeed in the challenge of verse 36. It is remarkable how the call to prophesy can be traced like a golden thread

vers 36. Opvallend is dit dat die oproep om te profeteer soos ‘n goue draad deur hoofstuk 14 loop. Dit begin in vers 1 en dit eindig in die voorlaaste vers 39. Dit vorm iets van ‘n omarmingspatroon (*inclusiopatroon*, kyk Rapport p627) wat veral teen die einde van die hoofstuk (v31-39) in besonder deur Paulus beklemtoon word.	throughout chapter 14. It starts in verse 1 and ends in the penultimate verse (39), somewhat like an embracing pattern (*inclusion* pattern, see Report, p627) that Paul especially emphasises by the end of the chapter (v31-39).
Hierdie omarmingspatroon gee die insig dat dit in hoofstuk 14 besonderlik gaan oor die opdrag van Pinkster om die woord van God in en deur die samekoms van die gemeente uit te dra. Van al die aktiwiteite in die samekoms van die gemeente het die uitdra van die woord van God die hoogste prioriteit (v26-32).	This embracing pattern provides the insight that chapter 14 is pertinently about the command of Pentecost to proclaim the Word of God in and through the coming together of the church. Proclaiming God’s Word is of the highest priority amongst all the actions during the coming together of the church (v26-32).
In hoofstuk 14 hanteer Paulus enkele praktiese faktore wat die uitdra van die woord van God kan bemoeilik of dalk verhinder, naamlik:	Paul also addresses a number of practical factors in chapter 14 that could impede or hamper the proclaiming of God’s Word, namely:
1.7.4.1 Die onduidelikheid in die gemeente deur middel van vreemde en onverstaanbare klanke en tale.	1.7.4.1 The uncertainty in the church over alien and strange sounds and tongues.
1.7.4.2 Die onordelikheid in die gemeente deurdat elkeen tydens die samekoms ‘n bydrae wil maak.	1.7.4.2 The lack of orderliness of the church in their bid to all contribute during the coming together.
1.7.4.3 Die ongemanierdheid van vroue se manier van praat en vrae vra wat vanuit heidense praktyke oorgedra word.	1.7.4.3 The unseemliness of women’s way of speech and questions, derived from heathen practices.
1.8 *‘n Spesifieke verband tussen hoofstukke 11 en 14*	1.8 *A specific connection between chapters 11 and 14*
Rapport 2009 verwys na ‘n bepaalde agtergrond wat vir die verstaan van Paulus se praktiese ordereëlings in hoofstukke 11 en 14 van belang is (vgl p627). Volgens die Rapport het die Korintiërs as gemeente bestaan uit mense wat min skoling of opleiding ondergaan het. Dit kan aanvaar word dat hierdie lidmate se leefstyl grootliks beïnvloed is deur dit wat hulle gewoond was om te doen toe hulle nog heidene was. Dit kan eweneens aanvaar word dat hulle optrede tydens eredienste beïnvloed sou word deur dit wat vir hulle gebruiklik was tydens die rituele van die heidense godsdienste waaraan hulle vroeër deelgeneem het. Gevolglik het daar in die gemeente heelwat twiste ontstaan oor watter van	Report 2009 refers to a particular set of circumstances for the interpretation of Paul’s practical regulations in chapters 11 and 14 (cf. p627). The Report relates that the Corinthian church comprises of people with little education or training. It can be accepted that these members’ lives were largely steered by customs derived from their heathen days. It can also be presumed that their conduct when coming together would have been influenced by the practices of rituals derived from the heathen religions they previously followed. This subsequently led to a great deal of division over which of these practices were permissible and which were not. These are precisely the disagreements that gave rise to seeking Paul’s advice (1 Cor 7:1).

hierdie praktyke in die gemeente toelaatbaar was en watter nie. Dit is juis hierdie twiste wat daartoe gelei het dat hulle in ‘n brief by Paulus advies gevra het (1 Kor 7:1).	
Vir besondere aandag: Die Rapport (p627) stel dan die moontlikheid dat Paulus met sy praktiese ordereëlings in sy advies noodsaaklike korrektiewe wou aanbring op heidense praktyke wat in die Korintiërs se gemeente-samekomste voorgekom het – beide ten opsigte van die hoofbedekking van vroue (hoofstuk 11) en vroue wat tydens die samekomste moet swyg (hoofstuk 14). Hoe het Paulus dit gedoen?	*Note:* The Report (p627) then suggests the possibility that Paul endeavoured to take corrective action against the heathen practices in the Corinthian church by means of the practical regulations he advises – both in terms of the covering of the woman’s head (chapter 11) and prohibiting women from speaking (chapter 14) during the meetings of the church. How did Paul do so?
In 11:2-16 en 14:33-35 tref Paulus ordereëlings onderskeidelik oor die hoofbedekking van die vrou en haar optrede in die samekoms van die gemeente. Dit gaan oor wat “gepas” (11:13) is, oor wat tot opbou van die gemeente is (14:26) en oor wat “gepas en ordelik” (14:40) is. Dit gaan dus oor die vrou se voorkoms en haar optrede in die samekoms van die gemeente. As ‘n vrou sonder ‘n hoofbedekking in die openbaar verskyn het, kon dit deur die tydgenote verstaan word as ‘n teken van rebelsheid, opstandigheid en selfs seksuele permissiwiteit. Paulus sê dit is skandelik (*aischron*) vir ‘n vrou om sonder ‘n hoofbedekking in die gemeente te verskyn (1 Kor 11:5-6). Hy toon die verband met die hoofskap van haar man as volg aan: “‘n Vrou wat sonder iets op haar kop in die samekoms van die gemeente optree doen haar hoof, haar man, oneer aan” (11:5). ‘n Vrou se hoofbedekking in die openbaar refklekteer dus haar respek of eerbiedigheid teenoor haar man,en was ook ‘n simbool van haar “getroud-wees” (soos wat ‘n trouring dit vandag doen).	Chapters 11:2-16 and 14:33-35 describe Paul’s regulations on the head covering of the woman and her conduct during church meetings. It is about “propriety” (11:13), about what promotes the building up of the church (14:26) and about what is “fitting and orderly” (14:40). It speaks to the woman’s appearance and her conduct in the coming together of the church. A woman appearing in public without a head covering could be construed by her contemporaries as a sign of rebellion, obstinacy and even sexual promiscuity. Paul calls it shameful (*aischron*) for a woman to enter the church without a head covering (1 Cor 11:5-6). He draws the relation with the headship of her husband as follows: “...every woman who prays or prophesies with head uncovered dishonours her head…” (11:5). The head covering was thus a visible reflection of her respect or sub-missiveness to her husband and was also a symbol of her marital status (as with the wedding ring today).
Vandag is ‘n hoofbedekking, altans in die Westerse wêreld, nie meer ‘n teken van ‘n vrou se respek vir haar man of haar getroud-wees nie. Daarom het die Nasionale Sinodes deur studie in die tagtiger-jare van die twintigste eeu ook besluit dat Paulus se reëling oor die dra van ‘n hoofbedekking deur vroue ‘n ordereëling vir die gemeente in Korinte	These days a head covering, in the Western world at least, no longer signifies a woman’s respect for her husband or her marital status. This is why the National Synods of the 1980s deemed, upon conducting a study, Paul’s directive on the head covering as merely a question of establishing good order within the Corinthian church and

was, en dat dit nie die karakter het van ‘n blywende beginsel wat altyd gehoorsaam moet word nie.	not an eternal principle that transcends time.
Daar is twee duidelike lyne in 1 Kor 11:2-16, naamlik:	There are two clear lines in 1 Cor 11:2-16, namely:
1.8.1 Die *beginsel* dat die man die hoof is van sy vrou (11:3).	1.8.1 the *principle* that the husband is the head of his wife (11:3); and
1.8.2 Die *ordereëling* dat ‘n vrou ‘n hoofbedekking in die samekoms van die gemeente moet dra, want dit word as “betaamlik” (11:13) beskou, terwyl die afwesigheid van ‘n hoofbedekking as “skandelik” beskou word.	1.8.2 the *regulation* that a woman’s head must be covered in church, because it is deemed “proper” (11:13), while the absence of such head covering is considered “shameful”.
In 1 Kor 14:33-35 is daar dieselfde twee lyne naamlik:	The same two lines can be found in 1 Cor 14:33-35, namely:
1.8.3 Die *beginsel* dat die vrou “onderdanig“ moet wees (14:34 en haar man se hoofskap moet erken. Paulus staaf dit met “soos die wet ook sê” (14:34).	1.8.3 the *principle* that the woman must be “submissive” (14:34) and recognises her husband as head, which Paul confirms with “as the Law says” (14:34); and
1.8.4 Die *ordereëling* hier is: Die vrou moet stilbly en nie in die samekoms van die gemeente praat nie.	1.8.4 the *instruction* that the woman is to remain silent in the coming together of the church.
Die vrou van daardie tyd en in daardie kultuur het nie in die openbaar gepraat nie. Sy was, op enkele uitsonderings na, ongeleerd en het nie deel gehad aan die opvoeding soos hulle manlike tydgenote nie. Dit is dus verstaanbaar dat sy tipies nie in die openbaar gepraat het nie. Paulus motiveer die ordereëling so: “Dit is lelik (*aischron*) vir ‘n vrou om in die erediens te praat” (v 35). Hy gebruik dieselfde woord (*aischron*) wat hy ook in hoofstuk 11 gebruik het om die skandelikheid van ‘n vrou sonder ‘n hoofbedekking te beskrywe. As ‘n vrou in die samekoms van die gemeente praat, veral deur tussenin vrae te stel, doen sy haar hoof, haar man, oneer aan. Haar optrede is onstigtelik en dien nie tot opbou van die gemeente nie. Die meeste van die gelowiges in Korinte was ongeleerdes en pas-bekeerdes uit die heidendom en hulle het van hulle gebruike by hulle heidense godsdienspraktyke ook by die samekomste van die gemeente ingedra. Vermoedelik het hulle ongedissiplineerd en ongemanierd in die samekomste gepraat.	The women of that time and culture did not speak in public. They were by and large, with one or two exceptions, uneducated and did not receive the instruction their male counterparts did. It is thus unsurprising that they would not typically speak in public. Paul motivates the instruction as follows: “…it is disgraceful (*aischron*) for a woman to speak in the church” (v 35). He again uses the word (*aischron*) he used in chapter 11 to refer to the shamefulness of a woman without a head covering. A woman speaking in the church, especially by interjecting questions, is the dishonouring of her head – her husband. Such conduct is disruptive and does not serve to build up the church. Most of the Corinthian believers were uneducated and newly converted heathens, who brought their heathen customs to the church. They possibly showed a lack of discipline and discreetness in speaking in the church.
Wat die praktiese omstandighede betref wat in Korinthe van die eerste	The practical circumstances that made this instruction necessary in the

eeu hierdie ordereëling nodig gemaak het, het daar groot verandering (veral in die Westerse wêreld) gekom. Die vrou het van jongs af, net soos die man, deel aan die opvoedingsproses. Dit is nie meer "lelik/skandelik" vir 'n vrou om in die openbaar te praat nie, en ook kan vroue goed toegerus wees daartoe. Dit word nie meer as opstandig of disrespekvol teenoor haar man gesien as die vrou in die samekoms van die gemeente praat nie. Die man bly haar hoof in die huwelik, maar sy behoort so op te tree en te praat dat sy daardeur haar respek vir haar man toon – gemeet aan die maatstawwe wat in die betrokke hedendaagse kultuur geld.	Corinthian church of the first century led to great change (especially in the Western world). The woman came to receive education, just like the man. It was no longer "shameful/disgraceful" for a woman to speak in public and a woman could also be well-equipped to do so. It was no longer deemed rebellious or disrespectful toward her husband to speak in the church. The husband would remain her head in marriage, but her conduct and speech should speak of respect of her husband – measured against the norms of the time.
Die duidelike parallel tussen 1 Kor 11 en 1 Kor 14 kan só uiteengesit word:	The parallel between 1 Cor 11 and 1 Cor 14 can be depicted as follows:

	1 Kor 11	**1 Cor 11**	**1 Kor 14**	**1 Cor 14**
Beginsel **Principle**	Die man is die hoof van sy vrou (v 3)	The husband is the head of the woman (v 3)	Die vrou moet onderdanig wees (v 34)	The woman must be submissive (v 34)
Skrif **Scripture**	Die vrou is uit die man geneem (v 12, Gen 2:21, 22)	The woman was taken from the man (v 12; Gen 2:21-22)	"…soos die wet ook sê" (v 34)	"…as the Law says" (v 34)
Ordereëling **Instruction**	Die vrou moet 'n hoofbedekking in die samekoms dra.	The woman's head must be covered in church	Die vrou moet in die samekoms swyg.	The woman must remain silent in church
Motivering **Motivtion**	Dit is "skandelik" (*aischron*) vir 'n vrou om in die samekoms nie 'n hoofbedekking op te hê nie (v5, 6)	It is "dishonourable" (*aischron*) for a woman's head not to be covered (v5,6)	Dit is "lelik" (*aischron*) vir 'n vrou om in die samekoms te praat (v 35)	It is "disgraceful" (*aischron*) for a woman to speak in church (v 35)

1.9 *Gevolgtrekking*	1.9 *Conclusion*
1.9.1 Die deurlopende lyn in hoofstukke 11-14 is dat Paulus bepaalde reëlings vir die goeie orde in die samekomste van die gemeente van Korinte tref. Hy verwys deurgaans na onveranderlike beginsels as die wil van God en beskrywe in hoofstuk 13 as die uitnemendste wyse van doen, die liefde van God as hoogste strewe en maatstaf vir alles wat in die samekomste van die gemeente gedoen word. Tussendeur gee Paulus talle praktiese ordereëlings vir die samekomste van die gemeente in Korinte. Hierdie praktiese orde-reëlings het die krag van tradisies en	1.9.1 The theme running through chapters 11-14 is Paul's instructions for the good order in the coming together of the church of Corinth. He refers throughout to eternal principles as the will of God and describes in chapter 13 the love of God as the most excellent of conduct, the foremost pursuit and measure for all that occurs in the coming together of the church. Paul then interweaves a number of practical instructions for the church in Corinth. These instructions are driven by the traditions and practical guidelines that specifically pertain to the circumstances of the church in Corinth.

praktiese riglyne wat in die eerste plek op die omstandighede van die gemeente in Korinte gerig is.	
1.9.2 Hoofstuk 12 benadruk die onmisbare werking van die Heilige Gees vir die goeie orde in die gemeente met die verskeidenheid genadegawes, dienste en aktiwiteite wat in die samekomste van die gemeente teenwoordig is. Geen beperking word genoem nie, want dit is alleen maar die alles bepalende wil van God wat sentraal staan wat aan elkeen en almal gee en wat aan elke lidmaat sy plek/funksie in die gemeente as die liggaam van Christus gee. Genadegawes as die grondslag vir alle bedieninge in die kerk, word aan man én vrou gegee.	1.9.2 Chapter 12 emphasises the essential work of the Holy Spirit for the good order of the church with the range of gifts of grace, services and activities present in the church. No restrictions are mentioned, because ultimately it is only the determining will of God that is central, giving to each and all and bestowing on every member his place/function in the church as the body of Christ. Gifts of grace, as foundation to all offices in the church, are given to both the man and woman.
1.9.3 Vanuit hierdie hoofstukke (1 Kor 11-14) waar Paulus besonderlik bepaalde beginsels en ordereëlings vir die samekomste van die gemeente deurgee, is dit duidelik dat vroue voluit deel van die gemeentes was en dat hulle net soos mans gawes van die Heilige Gees ontvang het wat hulle sonder verhindering, onderhewig aan die woord van God, tot opbou in die gemeente kon aanwend.	1.9.3 These chapters (1 Cor 11-14), describing Paul's specially considered principles and instructions for the coming together of the church, clearly show that women were fully part of the church and that they, like men, also received gifts from the Holy Spirit that they could apply without impediment, subject to the Word of God, to the building up of the church.
1.9.4 Die verwysing van Paulus in hoofstuk 11:5 dat vroue ook in die erediens kon bid en profeteer bied die grond om die afleiding te maak dat daar nie 'n algehele verbod op die praat deur vroue in die gemeentelike samekoms was nie. Dit is 'n belangrike vertrekpunt vir die verstaan van die opdrag aan vroue (14:34-35) om in die samekomste te swyg: ten minste beteken dit nié dat vroue glad nie tydens die samekomste kon praat nie. Dit is ook in lyn met die volgende twee hermeneutiese riglyne wat deur die Sinode aanvaar is:	1.9.4 Paul's reference in chapter 11:5 that women may also pray and prophesy in the church provides the basis for the conclusion that women weren't completely silenced in the church. It is an important point of departure for interpreting the instruction to women (14:34-35) to remain silent in church: at the very least it does NOT mean women were not allowed to speak at all in church. It is also in line with the following two hermeneutic guidelines accepted by the Synod:
1.9.4.1 Die woord van God het 'n ontvouende karakter met die gevolg dat latere Skrifdele op die vroeër dele berus en daarop voortbou (Acta 2009:605).	1.9.4.1 God's Word is unfolding in nature, i.e. later Scripture passages rest on previous and build from there (Acta 2009:605).
1.9.4.2 Al die uitsprake wat op die plek van die vrou in die kerk betrekking het, moet op so 'n wyse verdiskonteer word dat hulle nie teenoor mekaar as botsende uitsprake te staan kom	1.9.4.2 All pronouncements on the place of women in the church must be negotiated in such a way that they do not contradict each other, but are supplementary to each other (Acta

	nie, maar langs mekaar as aanvullende uitsprake (Acta 1988:12, Bylae).		1988:12, Appendices).
1.9.5	Die "dit is lelik/skandelik" (*aischron*) parallel in hoofstuk 11 en 14 toon aan dat Paulus in beide hoofstukke besig is om op grond van beginsels bepaalde praktiese ordereëlings daar te stel as noodsaaklike korrektiewe op heidense praktyke wat in die gemeentelike samekomste van die Korintiërs voorgekom het – die een ten opsigte van die hoofbedekking van vroue (hoofstuk 11) en die ander ten opsigte van vroue wat tydens die samekomste moet swyg (hoofstuk 14). Komende, as pas bekeerdes uit die heidense praktyke, het sommige van die vroue tydens die samekomste skandelik, ongemanierd, rebels en verwaand gepraat en daardeur die hoofskap van hulle mans oneer aangedoen. Dit is waarom Paulus in die hoofstuk oor die liefde (hoofstuk 13) die korrektief duidelik uitspel, naamlik: "Die liefde is nie verwaand nie. Liefde tree nie onbehoorlik op nie, jaag nie eiebelang na nie, is nie liggeraak nie". Dit is waarom Paulus in 14:34 en 35 die opdrag om te swyg aan vroue gee as praktiese ordereëling gerig op die spesifieke omstandighede van die Korintiërs se samekomste. Net soos die dra van die hoofbedekking in hoofstuk 11, is dit nie bedoel as 'n altydgeldende beginsel vir alle tye en plekke nie.	1.9.5	The "it is shameful/disgraceful" (*aischron*) parallel of chapters 11 and 14 indicates that Paul was providing practical instructions in both chapters based on principles as corrective measures to heathen customs that occurred in the Corinth church – that of the head covering for women (chapter 11) and that of the silence of women in church (chapter 14). Coming, as newly converted, from heathen customs had some women speaking shamefully, uncouthly, rebelliously and prideful in the church and dishonoured the man as head. This is why Paul spells out the corrective clearly in the chapter on love (chapter 13), namely: "…love…is not proud. It is not rude, it is not self-seeking, it is not easily angered…" This is the reason for the instruction in 14:34 and 35 for women to remain silent as practical directive related to the specific conditions of the church in Corinth. Just like the head covering in chapter 11, it is not intended to be an eternal principle for all time and places.
1.9.6	Die bepaalde ordereëling dat vroue in die Korintiër-gemeente moet swyg en dat hulle hulself moet onderwerp, het wel dié altydgeldende boodskap dat vroue tydens samekomste so moet optree dat hulle deur hulle optrede bewys dat hulle die hoofskap van hulle man eerbiedig en nie disrespekvol teenoor hom optree nie.	1.9.6	The specific instruction for the women of the Corinthian church to remain silent and to subject themselves does have the eternal message that women's conduct in the church must reflect their respect for the headship of man and show no dishonour.
1.9.7	In hoofstuk 14:34 verwys Paulus na die dinge wat hy skryf as 'n opdrag van die Here. Dit maak nie die ordereëling in die vers 34 en 35 altydgeldend vir alle plekke en tye nie. Ten opsigte van al die beginselstellings in hoofstukke 11-14 is dit wél as altydgeldend bedoel. Dit dien ook as slot en afsluiting van hierdie vier	1.9.7	Paul refers (14:34) to the instructions he gives as a task entrusted to him by the Lord. This does not make the instruction in verses 34-35 relevant to all places and all times. All the principles stated in chapters 11-14 are, however, eternal. It also serves as conclusion of these four chapters.

hoofstukke.	
1.9.8 As verdere ondersteuning vir die bostaande gevolgtrekkings word die volgende twee punte as bykomende gronde genoem:	1.9.8 As further substantiation for the above conclusions, the following two points are mentioned:
1.9.8.1 'n Belangrike reël vir Skrifverklaring is die onderskeid tussen sentrum en periferie (hoofsaak en bysaak). Dit behels dat sake wat deur die Skrifdeel op die periferie gestel is, nie deur die Skrifverklaarder in die sentrum gestel mag word nie, en andersom. Daarom het die Sinode reeds in 1988 (Bylae 1988, p21) besluit dat 1 Kor 14:34, 35 nie sonder meer só verklaar kan word dat dit verbied dat die vrou in die besondere dienste mag dien nie, aangesien 14:34, 35 dit nie as hoofsaak het oor wie tot die besondere dienste geroep mag word en wie nie.	1.9.8.1 An important aspect to interpretation of Scripture is the distinction between centre and periphery (main issue and side issue). It means that matters placed on the periphery in a Scriptural passage may not be drawn to the centre by the exegetist and also the opposite. This is why the Synod already decided in 1988 (Appendices 1988:21) that 1 Cor 14:34-35 couldn't simply be interpreted as the prohibition of the woman in the special offices, since the main issue of 14:34-35 is not who may be called to the special offices and who may not.
1.9.8.2 Ná die bespreking van Galasiërs 3:26-29 waarin dit gestel word dat man en vrou in Christus een is, word die volgende belangrike stelling deur Rapport 2009 gemaak: "Dit is egter in die lig van hierdie oorweldigende waarheid duidelik dat, wanneer onderskeid getref word tussen mans en vroue met betrekking tot die besondere dienste, daar duidelike Skrifgronde voor moet wees. Net so: Alleen as God in sy Woord bepaal dat slegs mans in die besondere diens mag dien, mag vroue daartoe verbied word" (p625). Die Rapport van 2009 erken self dat 1 Kor 14: 34-35 nie 'n duidelike Skrifgrond is nie (p656, 10.13.7.2b) en in die genoemde twee verse word geen eksplesiete vermelding daarvan gemaak dat slegs mans mag dien nie.	1.9.8.2 Having stated man and woman are one in Christ, based on the analysis of Galatians 3:26-29, Report 2009 makes the following important pronouncement: "It is, however, in light of this overwhelming truth evident that when a distinction is made between men and women in relation to the special offices, it must be clearly substantiated by Scripture. Similarly: It is only if God has stipulated in his Word that only men may serve in the special offices, women are forbidden to do so" (p625). The Report of 2009 indeed acknowledges that 1 Cor 14:34-35 is not an irrefutable stipulation (p656, 10.13.7.2b) and the two mentioned verses do not explicitly state that only men may serve.
2. Beswaargrond 2 *Die betrokke besluit van die Algemene Sinode 2009 begrond die betekenis van die swygopdrag in die eerste plek nie op die duidelike verband tussen swyg en onderdanig-wees in vers 34 nie, maar soek die betekenis van swyg hoofsaaklik in die beoordeling van die profesieë volgens vers 29. Die betekenis van onderdanig-wees in vers 34 wat die*	**2. Protest Ground 2** *The relevant decision of the General Synod 2009 doesn't base the interpretation of the instruction to remain silent on the clear connection between silence and submissiveness of verse 34, but seeks the meaning of such silence mainly in the interpretation of the prophesies of verse 29. The interpretation of submissiveness in verse 34 that the*

besluit dan uitspel, is 'n weerspreking van die standpunte wat in Rapport 2009 oor die wedersydse onderdanigheid tussen man en vrou in die huwelik gemaak word.	*decision then spells out is a contradiction of the standpoints Report 2009 make over the mutual submissiveness between husband and wife.*
2.1 In 1 Kor 14:34 stel Paulus dat "...die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê". Volgens vers 34 is daar 'n bepaalde verband tussen die opdrag dat vroue in die samekomste moet swyg én dat hulle teenoor hulle mans onderdanig moet wees. Die opdrag om onderdanig te wees, "soos die wet ook sê", is die motiveringsgrond vir die opdrag om te swyg en is in 'n sekere sin die primêre opdrag. Vir die vasstelling van die spesifieke betekenis van swyg volgens vers 34, is dit dus belangrik om te verstaan wat God in sy woord met die onderdanigheid van die vrou teenoor haar man bedoel.	2.1 Paul states in 1 Cor 14:34 that "…women should remain silent in the churches. They are not allowed to speak, must be in submission, as the Law says". According to verse 34, there is a certain connection between the instruction for women to remain silent AND that they must be submissive to their husband. The instruction to be submissive, "as the Law says", is the motivation for the instruction to remain silent and is in a certain sense the primary instruction. Interpreting the specific meaning of that silence of verse 34 makes it necessary to understand what God is conveying in his Word about the submissiveness of the woman to her husband.
2.2 *Die betekenis van die swyg-opdrag volgens die besluit van 2009*	2.2 *The interpretation of the instruction of silence according to the decision of 2009*
2.2.1 In die eksegetiese beredenerings-kolom van 1 Kor 14:34-35 wat as grondslag vir die besluit gedien het, verbind die Rapport ook die onderdanigheid wat die vrou verskuldig is en die swyg tydens samekomste met mekaar. Die Rapport poog dan om bepaalde inhoud aan "swyg" te gee en doen die volgende drie dinge:	2.2.1 The exegetic reasoning column on 1 Cor 14:34-35, the substantiation for the decision, relates the submis-siveness also due to the woman to remaining silent in church. The Report endeavours to imbue certain content to "remain silent" by means of the following three arguments:
2.2.1.1 Die Rapport sluit by 'n verklaring aan wat, volgens hierdie beredenering, wyd in Gereformeerde kringe onderskryf word. Behalwe vir een verwysing in 'n voetnoot word geen besonderhede hiervan gegee nie. Hierdie sogenaamde verklaring is die volgende: "By gemeentelike same-komste word vroue, as gevolg van die onderdanigheid wat hulle aan hulle mans verskuldig is, nie toegelaat om te praat nie, maar moet hulle swyg. Dit beteken dat vroue nie tydens die gemeentelike samekomste as voorgangers van die gemeente mag optree, onder meer deur te bid of te preek nie" (p633). Tydens samekomste word hulle nie toegelaat om te praat nie;	2.2.1.1 The Report refers to an interpretation deemed to be widely accepted in Reformed circles. Except for one reference, in a footnote, no further detail is provided. This so-called interpretation is as follows: "Women are not allowed to speak in church, due to the submissiveness they must show their husband, but must remain silent. This means that women may not lead the congregation in church, by *inter alia* prayer or preaching" (p633). Women are not allowed to speak when the church comes together, they may not lead. This sounds like an instruction of absolute silence.

dat vroue nie as voorgangers mag optree nie. Dit klink na ‘n opdrag tot absolute stilswye.	
2.2.1.2 Daarna versag die Rapport die eerste standpunt van “nie toegelaat om te praat nie” deur te meld dat daar wel die moontlikheid was dat vroue openbarings ontvang het en dat hulle op grond daarvan tydens die gemeentelike samekomste kon profeteer, maar dat hulle dit spontaan en nie-amptelik moes doen – maw vroue kon tydens die samekomste opstaan en hardop begin praat en spontaan profeteer. ‘n Dun lyn tussen voorganger-wees en spontane profesie.	2.2.1.2 Then the Report softens the first assertion of “not allowed to speak” by mentioning that women may well have received revelations and that for this reason they could prophesy, but then spontaneously and not officially – in other words women could suddenly stand up in church and spontaneously prophesy, a rather thin line between leading and spontaneous prophesy.
2.2.1.3 Die Rapport gaan dan verder om die swyg in verband te bring met die beoordeling van die profesieë waarvan daar in 14:29 melding gemaak word. Later in die Rapport (p637) word die opdrag om te swyg uitsluitlik net aan die beoordeling van die profesieë verbind. Die beoordeling van so ‘n vermeende verband sal in ‘n latere punt aan die orde kom.	2.2.1.3 The Report then goes on to relate remaining silent to the evaluation of prophesies, mentioned in 14:29. Further on in the Report (p637) the instruction to remain silent is exclusively linked to the evaluation of prophesies. This interpretation of an apparent link will be addressed at a later point.
2.2.2 Later in die Rapport kom die verband tussen onderdanigheid en swyg weer aan die orde (p637). Dit word soos volg omskryf: “God het aan die vroulike lidmate in die kerk ‘n besliste opdrag tot onderdanigheid gegee, naamlik dat sy erkenning moet gee aan die man se hoofskap – waardeur sy getuig van die kerk wat die hoofskap van haar bruidegom, Jesus Christus, erken (vgl 1 Kor 11: 3-7; Ef 5:21-33). Een besondere wyse waarop vroulike lidmate op ‘n unieke wyse die hoofskap van hulle mans moes erken, was daarin geleë dat hulle onvoorwaardelik en met oorgawe hulle mans se leiding en oordeel moes aanvaar by die toesig oor die prediking … Die erkenning van die man se hoofskap het dus daarop neergekom dat sy ook in hierdie opsig nie daarna sou streef om sy posisie as hoof in te neem nie”. Let op die volgende drie omskrywings in die aangehaalde deel:	2.2.2 Submissiveness and remaining silent again arises in the Report, when it is defined as: “God gave the women of the church a definite command of submissiveness, namely to acknowledge the man as head – through which she reflects the church’s acknowledgement of her groom, Jesus Christ, as the head (cf. 1 Cor 11:3-7; Eph 5:21-33). One of the ways in which women were to acknowledge the man as head lay in their unconditional surrender to their husbands’ leadership and judgement over preaching. Recognition of the man as head thus came down to the woman not striving to usurp his position as head.” Note the following three descriptions of the cited passage:
2.2.2.1 ’n besliste opdrag tot onderdanigheid;	2.2.2.1 A definite instruction for submissiveness

2.2.2.2 ‘n aanvaarding wat “onvoorwaardelik en met oorgawe” is;	2.2.2.2 Acceptance that is “unconditional surrender”
2.2.2.3 sy posisie as hoof.	2.2.2.3 His position as head.
Hierdie drie omskrywings neig daarna om die onderdanigheid van die vrou teenoor haar man in die huwelik te omskryf as ‘n saak van wettiese strengheid, en ‘n saak waarin die vrou sonder enige navraag alleen maar net moet buig voor die man se onaantasbare posisie van hoofskap. Is dit wat die Bybel oor die onderdanigheid tussen man en vrou leer? Is hierdie betekenis in lyn met wat Rapport 2009 elders oor die betekenis van hierdie onderdanigheid weergee?	These three descriptions seem to define the woman’s submissiveness to her husband in marriage as a matter of legal authority, in which the woman must unquestioningly bow to the man’s untouchable position as head. Is that what the Bible teaches about submissiveness between man and woman? Does this interpretation conform to the way Report 2009 defines this submissiveness elsewhere?
2.3 *Rapport 2009 oor onderdanigheid*	2.3 *Report 2009 on submissiveness*
2.3.1 In die huwelik is die een nie minderwaardig ten opsigte van die ander nie. Die vrou is die man se gelyke. Dat Adam eerste geskep is en Eva tweede, toon ‘n bepaalde skeppingsorde of volgorde aan wat nie as rangorde verstaan moet word nie (2009:612, 10.2).	2.3.1 In marriage the one is not inferior to the other. The woman is the man’s equal. Adam being created first indicates a certain creational order or sequence that is not to be misconstrued as a kind of ranking (2009:612, 10.2).
2.3.2 God het die leidinggewing van die man nie as heerskappy bedoel nie, maar as liefdesdiens. God het ook die hulpdiens van die vrou nie as slawediens bedoel nie, maar as gelykwaardige bystand (2009:612, 10.2.4).	2.3.2 God did not intend the leadership of the man as dominion, but as a service of love. Neither did God intend the assistance the woman provides as slavery, but as equal support (2009:612, 10.2.4).
2.3.3 Man en vrou moet as ‘n twee-eenheid hulle plek in die kerk inneem en hulle taak in die kerk uitvoer. Hulle moet mekaar hierin komplementeer en binne die Godgegewe man-vrou-orde funksioneer (2009:586, 3.3).	2.3.3 Man and woman are to take their place in church as one unit of two and perform their task in church. They are to act according to the man-woman order God instituted in complement to each other (2009:586, 3.3).
2.3.4 Christus het die vrou na ‘n gelykwaardige vlak met die man herstel. Dit word gesien in hoe die Skrif die vroue se geloofslewe, deelwees van die kring van Jesus se volgelinge, asook optrede as profetesse en getuies skets. (2009:587, 3.5).	2.3.4 Christ restored the woman to equal status with the man. This can be seen in how Scripture sketches women’s faith, in them being part of Jesus’ circle of followers as well as their acts of prophesy and witnessing (2009:587, 3.5).
2.3.5 Die vrou is nie minderwaardig in vergelyking met die man nie. Tog kry die hoofskap van die man in die huwelik besondere klem. Met hoofskap vertrou die Here in die huwelik bepaalde liefdevolle, ruimteskeppende en leidinggewende verantwoordelikheid aan die man toe, sonder dat die man in sondige	2.3.5 The woman is not inferior to the man. Yet the headship of the man within marriage is markedly emphasised. The Lord entrusts the man with a certain loving, space-providing and direction-giving responsibility, through this headship, without falling into sinful domination of his wife. The first instruction on marital union in

heerskappy oor sy vrou mag verval. Die heel eerste opdrag in die huwelikshuistafel in die Brief aan die Efesiërs is dat man en vrou aan mekaar onderdanig moet wees uit eerbied vir die Here (Ef 5:21). Die vrou moet in die huwelik helper wees en só in die gemeente optree dat sy wys dat sy haar man se hoofskap eerbiedig (2009:587, 3.5).	Ephesians is for the man and woman to submit to each other "in reverence to God" (Eph 5:21). The woman is to be of aid in the marriage and her conduct in church is to reflect her acknowledgement of the headship of her husband (2009:587, 3.5).
2.3.6 Efesiërs 5:22-33 maak dit baie duidelik dat die opdrag van die Here nie is dat die man oor sy onderdanige vrou moet heers nie, maar dat sy hoofskap behels dat hy haar so lief moet hê soos Christus as Hoof ons, sy kerk, wat sy liggaam is, liefhet en lewensruimte skep en leiding gee. 'n Man moet dus bereid wees om alles vir sy vrou op te offer, soos Christus Homself vir die kerk laat kruisig het. Sy vrou se welsyn moet vir die man die hoogste prioriteit wees. Hy moet vir haar net so goed sorg as vir sy eie liggaam. As hy só optree, sal sy vrou dit nie moeilik vind om aan hom onderdanig te wees nie, want sy kom twee dinge agter: hoe haar man saam met haar net die Here as Baas (kurios) erken, en hoe hy, in uitlewing van sy hoofskap wat op Christus se hoofskap oor hom geskoei is, homself in liefde vir sy vrou gee (2009:617, 10.4.4.5).	2.3.6 Ephesians 5:22-33 clearly shows that the instruction of the Lord is not for the man to rule over his submissive wife, but that his headship is a responsibility to love her as much as Christ as Head loves his church that is his body to whom He gives space to live and guidance. A man must, therefore, be willing to sacrifice everything for his wife, like Christ let himself be crucified for the church. The woman's welfare must be the man's highest priority and he must care for her just as much as for his own body. A wife wouldn't hesitate to be submissive to her husband if he conducted himself this way, because she would realise that her husband, just like her, recognise the Lord as Master (*kurios*) and secondly, in fulfilling his headship that is based on Christ's Headship over him, he gives himself in love to his wife (2009:617, 10.4.4.5).
2.4 *Gevolgtrekking*	2.4 *Conclusion*
2.4.1 Die verklaring van die onderdanig-wees-opdrag in 1 Kor 14:34, soos Rapport 2009 dit omskryf, het 'n ondertoon van buig voor die man as heerser in die huwelik (kyk 2.2 hierbo) en neem geensins die ander aksente in Rapport 2009 oor die betekenis van wedersydse onder-danigheid in die huwelik (soos eksplesiet gestel in Ef 5:21) tussen man en vrou in ag nie. Die gees van daardie besluite omskryf onder-danigheid as 'n dienende, liefdevolle en opofferende onderdanigheid uit eerbied vir Christus in navolging van die kerk, as bruid van Christus, se optrede teenoor háár hoof – Christus (vgl 2.3 hierbo).	2.4.1 The elucidation of the instruction to be submissive in 1 Cor 14:34, as defined by Report 2009, has an undertone of the wife bowing before the man as master in marriage (see 2.2 above) and does not take into account the other accents in Report 2009 on the interpretation of mutual submission in marriage (as explicitly stated in Eph 5:21). Those decisions have submissiveness explained in the spirit of a serving, loving and sacrificing submissiveness in reverence to Christ in emulation of the church, as bride of Christ, in its conduct toward its Head – Christ (cf. 2.3 above).
2.4.2 In dieselfde vers is die opdrag om onderdanig te wees in 1 Kor 14:34	2.4.2 The same verse provides the instruction to be submissive in 1 Cor

	die primêre motiveringsgrond vir die opdrag om te swyg, en hierdie direkte verband tussen swyg en onderdanigheid speel dus ook ‘n bepalende rol in die verklaring van die betekenis van swyg. Daar was dus iets in die optrede van vroue wat die leierskapsrol van die man in die huwelik bedreig het en wat die ware gees van wedersydse onderdanigheid tussen man en vrou negatief beïnvloed het.		14:34 as motivation for the instruction to remain silent and this direct link between submissiveness and remaining silent thus plays a determining role in the interpretation of the instruction to remain silent. Something about the conduct of women, therefore, threatened the leadership role of the man and had a negative effect on the true spirit of mutual submissiveness between the man and woman.
2.4.3	In 1.9.5 hierbo is die punt gestel dat sommige van die vroue in die samekomste van die Korintiese gemeente pas-bekeerdes uit die heidense praktyke van die heidense godsdienste was en dat hulle van hierdie praktyke ook by die samekomste van die gemeente ingedra het. ‘n Faset van hierdie heidense praktyke waaraan hulle gewoond was, was om tydens die samekomste van die gemeente skandelik, ongemanierd, rebels en verwaand te praat en daardeur die hoofskap van hulle mans oneer aangedoen het. Dit is waarom Paulus met hierdie besliste opdrag kom en ‘n ingrypende ordereëling daarstel om hierdie manier van praat deur die vroue in Korinte stop te sit.	2.4.3	Point 1.9.5 above explained how some of the women of the Corinth church were new converts from the heathen religions and that they brought certain practices with them to the church. A facet of these heathen practices was shameful, uncouth, rebellious and proud speech that dishonoured the headship of their husbands. Hence, Paul institutes this rigid instruction to end this manner of speech by the women in Corinth.
2.4.4	Dit is opvallend dat Rapport 2009 die betekenis van die swygopdrag nie in die eerste plek op die duidelike verband tussen swyg en onderdanigwees, soos vers 34 dit stel, begrond nie. Die Rapport soek die betekenis van swyg hoofsaaklik in die beoordeling van die profesieë volgens vers 29 (vgl 10.8.5.1b). Dit word deur die Rapport gemotiveer deur ‘n breër gedagte-opbou van 14:26-40 wat die hoofsake wel korrek met mekaar verbind, maar wat kleiner sake willekeurig en onoortuigend met mekaar in ‘n sogenaamde omarmingspatroon verbind. Byvoorbeeld: Waarom sou die opdrag om te swyg net met die beoordeling van profesieë te doen hê en nie ook die ander sake wat in 14:26-27 genoem word, insluit nie? Waarom sou die opdrag om te swyg veral met die beoordeling van die profesieë te doen hê en vroue dus nie dáár mag praat nie, terwyl Paulus	2.4.4	It is remarkable that Report 2009 does not base the interpretation of the instruction to remain silent on the clear relation between submissiveness and remaining silent, as put in verse 34. The Report primarily seeks the meaning of remaining silent in the evaluation of the prophesies of verse 29 (cf. 10.8.5.1b). The Report motivates this by means of a broad series of deductions of 14:26-40 that indeed connect the main tenets accurately, but that randomly and unconvincingly connects lesser matters to each other in a so-called embracing pattern. For example: Why would the instruction to remain silent only relate to the interpretation of prophesy and not the other issues mentioned in 14:26-27? Why would the instruction to remain silent especially relate to the interpretation of prophesy and women may thus not speak THERE, while Paul earlier mentions that women may

vroeër dit genoem het dat vroue wel tydens die samekomste kon bid en profeteer (vgl 1 Kor 11:5). Daar is eweneens in hoofstukke 11-14 van 1 Kor nie ‘n enkele grond om te beweer dat vroue se profesie slegs spontaan en nie-amptelik kon geskied nie. Die belangrike inhoud van hoofstuk 12 en die duidelike verband met die ander hoofstukke benadruk juis die teendeel.	indeed pray and prophesy in the church (cf. 1 Cor 11:5). Similarly, chapters 11-14 of 1 Cor do not provide any basis for the claim that women prophesying may only occur spontaneously and un-officially. The important content of chapter 12 and clear connection with the other chapters denote the opposite.
2.4.5 Rapport 2009 verbind die opdrag om te swyg aan die beoordeling van die profesieë (p637) en volgens die Rapport is die beoordeling van die profesieë oor die algemeen iets soos die toesig van die ouderlinge oor die gesonde leer. As ‘n blywende en altyd-geldende beginsel mag vroue dus nie tot die diens van ouderlinge geroep word nie. Rapport 2009 is egter ongegrond selektief deur slegs die beoordeling van die profesieë as ‘n blywende opdrag uit te lig en nie ook na die blywende opdrag-karakter van die ander sake in verse 26-30 te verwys nie. Daarin word die inkleding van die eredienste beskryf as ‘n samekoms waarin lidmate spontaan, maar ordelik en tot opbou, met ‘n verskeidenheid bydraes kan deelneem soos:	2.4.5 Report 2009 relates the instruction to remain silent to the interpretation of prophesy (p637) and according to the Report, the interpretation of prophesy is generally similar to the elders’ supervision of sound doctrine. As eternal principle women may not be called to the office of elder. Yet Report 2009 is rather selective in their characterisation of which principles are eternal by only highlighting the interpretation of prophesy as eternal instruction and not referring to the eternal nature of other tenets in verses 26-30. These verses describe the worship services as a spontaneous coming together of members, though orderly and to the benefit of the church, in which participation can occur through a range of contributions such as:
2.4.5.1 Die opgee van ‘n psalm;	2.4.5.1 suggesting a psalm;
2.4.5.2 Die voordrag van ‘n lering;	2.4.5.2 recitation of a teaching;
2.4.5.3 Die bekendmaking van ‘n openbaring;	2.4.5.3 relating a revelation;
2.4.5.4 Die spreek in ‘n taal met ‘n meegaande uitleg daarvan;	2.4.5.4 speaking in tongues, with its associated interpretation; and
2.4.5.5 Die uitspreek van ‘n profesie.	2.4.5.5 prophesy.
3. Beswaargrond 3 *Die weersprekings in rapport 2009 oor die betekenis van profesie en lering, toon dat die beredenering van die Algemene Sinode oor wat die gawe van profesie beteken, nie deeglik en Skriftuurlik begrond is nie, en dat die beredenering die gawe van profesie nie kan versmal tot ‘n persoonlike openbaring wat spontaan tydens die samekoms uitgespreek word nie.*	**3. Protest Ground 3** *The contradictions in Report 2009 on the interpretation of prophesy and teaching indicate that the reasoning of the General Synod 2009 was not thoroughly and Scripturally substantiated and such reasoning cannot reduce prophesy to a personal revelation spontaneously uttered during the coming together of the church.*
3.1 In 1 Korintiërs 11-14 is daar verskeie verwysings na profesie en die belangrike plek wat dit in die gemeentelike samekomste ingeneem het:	3.1 1 Corinthians 11-14 contains a number of references to prophesy and its importance in the church:

3.1.1 Mans én vroue het tydens die eredienste geprofeteer (11:4, 50);	3.1.1 Men AND women prophesied during services (11:4, 50).
3.1.2 Die Heilige Gees deel die gawe van profesie aan lidmate uit soos Hy wil (12:10, 11);	3.1.2 The Holy Spirit bestows the gift of prophesy to members according to his will (12:10-11).
3.1.3 God stel in die gemeente, naas apostels en leraars, ook profete aan (12:28);	3.1.3 Aside from apostles and teachers, God also appoints prophets (12:28) in the church.
3.1.4 Die liefde gee aan profeteer 'n dieper betekenis (13:2);	3.1.4 Love gives prophesy greater depth (13:2).
3.1.5 In die lig van die volmaakte ewige lewe wat wag, is ons profesie op aarde tydelik en gedeeltelik (13:8-10);	3.1.5 The perfect eternal life that awaits us makes prophesy on earth temporary and incomplete (13:8-10).
3.1.6 Streef na die gawe van profesie en beywer julle om te profeteer (14:1, 39);	3.1.6 Desire the gift of prophesy and be eager to prophesy (14:1, 39).
3.1.7 Om te profeteer beteken om op te bou, om te bemoedig en te vertroos (14:3);	3.1.7 Prophesy builds up, encourages and comforts (14:3).
3.1.8 Laat twee of drie profete een vir een profeteer en laat die ander dit beoordeel (14:29). In nie een van die genoemde Skrifdele hierbo word dit genoem dat vroue uitgesluit is nie. Inteendeel die gees wat al die Skrifgedeeltes adem, is dat alle lidmate – ook vroue – daaraan moet en mag deel hê. Dit laat al meer vrae na vore kom oor die besluit van Algemene Sinode 2009 dat vroue by die beoordeling van die profete uitgesluit is (p637).	3.1.8 Have two or three prophets each prophesy for the others to interpret (14:29). No mention is made in any of the above Scripture of the exclusion of women. On the contrary the spirit of all the texts is that all members – also women – may and must share therein. This raises all the more questions over the decision of General Synod 2009 that women are excluded from the evaluation of the prophets (p637).
3.2 Rapport 2009 verklaar die betekenis van profesie soos volg (vgl p632, 10.7.4.6):	3.2 Report 2009 explains prophesy as follows (cf. p632, 10.7.4.6):
3.2.1 Daar is 'n verskil tussen profesie en lering;	3.2.1 There is a difference between prophesy and teaching.
3.2.2 Profesie is om 'n openbaring wat iemand persoonlik ontvang het, oor te vertel;	3.2.2 Prophesy is to relate a revelation revealed to one personally.
3.2.3 Lering daarenteen berus nooit op 'n openbaring wat die leraar ontvang het nie, maar word die lering vanuit die woord van God gedoen; leraars word in die Nuwe Testament by herhaling beveel om te leer en die Woord te verkondig, maar nêrens om te profeteer nie;	3.2.3 Teaching, in contrast, never rests on a revelation to the teacher, but on teaching from God's Word; teachers are repeatedly instructed in the New Testament to proclaim the Word, but not to prophesy.
3.2.4 Die blyk dus dat profesie in die NT nooit deel was van die diens van leraar of opsiener nie.	3.2.4 It seems that prophesy in the New Testament was never part of the duties of teacher or steward.
3.2.5 Profesie is blykbaar spontaan beoefen en was nie aan een van die besondere dienste verbind nie.	3.2.5 Prophesy was apparently spontaneous and not associated with any of the special offices.
3.3 Volgens Rapport 2009 is daar 'n verskil	3.3 Report 2009 distinguishes between

	tussen profesie aan die een kant en lering en onderrig aan die anderkant. Die stelling word uitdruklik gemaak “dat profesie in die Nuwe Testament nooit deel was van die diens van leraar of opsiener nie”. Wanneer die Rapport egter net enkele bladsye verder met die beredenering van 1 Kor 14:34 en 35 besig is, word prediking dan weer met profesie in verband gebring (vgl p637, 10.8.5b). Sulke weersprekende elemente verwar en laat die vrae oor die begronding verdiep.		prophesy and teaching. It is expressly stated “that prophesy never formed part of the office of teacher or steward in the New Testament”. The Report, however, relates preaching to prophesy once again a bit later in its reasoning over 1 Cor 14:34-35 (cf. p637, 10.8.5b). Such contradictions confuse and deepen questions over substantiation.
3.4	In die beredenering van Rapport 2009 (p632) word dit enersyds genoem dat profesie as gawe in die gemeente dien tot vermaning, bemoediging en lering. Net daarna weerspreek die Rapport homself deur te noem dat profesie nie lering is nie. Hierdie weerspreking toon dat die beredenering oor wat die gawe van profesie beteken in 10.7.4.6 nie deeglik begrond is nie. In dieselfde punt word die beoefening van profesie as spontane optrede beskryf, maar dit word gegrond op ‘n onsekere afleiding sonder enige Skrifgronde, naamlik: “Dit was waarskynlik so omdat profesie blykbaar spontaan (‘charismaties’) beoefen is en nie verbind was aan een van die besondere dienste nie”.	3.4	Report 2009 (p632) reasons on the one hand that the gift of prophesy in the church serves to admonish, encourage and teach. Then the Report contradicts itself by mentioning that prophesy is not teaching (10.7.4.6), indicating the inadequate substantiation of prophesy. The same point describes prophesy as spontaneous, but the assertion is based on an uncertain deduction bereft of Scriptural substantiation, namely: “This was probably the case, because prophesy was apparently a spontaneously (‘charismatic’) act and not related to any of the special offices”.
3.5	Vir die verstaan van 1 Kor 14:33-35 is die regte begrip van wat die gawe van profesie behels, asook waar en deur wie dit beoefen is, van groot belang. Wat opvallend is, is dat die profete naas die apostels ‘n belangrike plek inneem soos dit in 1 Kor 12:28 en Ef 4:11 vermeld word. Hulle word selfs voor die leraars genoem. In 1 Kor 14 gee Paulus ook besondere aandag aan die beoefening van die profesie in die samekoms van die gemeente en hy prys profesie as gawe aan as ‘n gawe waarna gestreef moet word (14:39). Hoe rym dit dan met die rapport se standpunt dat profesie ‘n openbaring is wat iemand persoonlik ontvang om spontaan en nie-amptelik in die samekoms oor te vertel.	3.5	Interpreting 1 Cor 14:33-35 requires an accurate understanding of the definition of the gift of prophesy as well as where and by whom it was practiced. Interestingly enough is the similarity of importance of prophets and apostles, as indicated in 1 Cor 12:28 and Eph 4:11. Their mention is even preceded by that of teachers. 1 Cor 14 describes Paul’s special attention to prophesy in the church, praising prophesy as a gift worth pursuing (14:39). How does this rhyme with the Report’s assertion that prophesy is a personal revelation to be spontaneously and unofficially pro-claimed in the church.
3.6	Wat was die onderskeid tussen profete en leraars. Rapport 2009 maak die stelling dat profete ‘n persoonlik en nie-amptelike openbaring ontvang het, terwyl leraars die roeping het om met	3.6	What was the difference between prophets and teachers? Report 2009 avers that prophets received a personal and unofficial revelation, while teachers are called to work with God’s Word. A

	die woord van God besig te wees. 'n Vergelyking van Skrifgegewens toon aan dat beide profete en leraars gerig was op die geestelike leiding en opbou van die gemeente (vgl Hand 13:1; 15:32; 1 Tim 1:18; 4:14; 1 Kor 14:3, 24, 31; 1 Kor 4:17; 2 Tim 2:2). Dit is waarom Paulus in 1 Kor 14 die najaag van die gawe van profesie so aanmoedig, juis omdat dit tot opbou van die gemeente is.		comparison of Scriptural descriptions indicates both prophets and teachers as agents of spiritual guidance and building up of the church (cf. Acts 13:1; 15:32; 1 Tim 1:18; 4:14; 1 Cor 14:3, 24, 31; 1 Cor 4:17; 2 Tim 2:2). This is precisely why Paul encourages the pursuance of this gift in 1 Cor 14, precisely because it builds up the church.
3.7	In Efesiërs 4:11-16 word die profete saam met die apostels en die leraars genoem en sonder om onderskeid te maak, word dit van almal gestel (ook die profete) dat hulle die gelowiges vir hulle dienswerk moet toerus en om die liggaam van Christus (die gemeente) op te bou. Dit impliseer tog uitdruklik dat die profete ook met die vaste kos van God se woord moes besig wees.	3.7	Ephesians 4:11-16 instructs the prophets together with the apostles and teachers, without any distinction, to equip believers for their service and to build up the body of Christ (the church). This expressly implies that the prophets were also to work with the solid food of God's Word.
3.8	As bevestiging dat profesie 'n noue verband met die verkondiging van die Woord het, word die volgende drie gewaardeerde Skrifverklaarders aangehaal: Floor (Hy wat met die Heilige Gees doop, p105) omskryf profesie as die verkondiging van die Woord van God aan die gemeente. Volgens Calvyn (Kommentaar op Romeine 12:6; Institusie 44:1319) is profesie die regte verstaan van die Skrif en die gawe om die Skrif uit te lê. JD du Toit (Totius) se standpunt is dat profeteer in die Nuwe Testament op die regte begrip dui om die Skrif uit te lê en tot vertroosting en vermaning van die gemeente toe te pas. Om te profeteer is vandag die besielde prediking en die uitlegging van die Skrif (Versamelde Werke, Boek 6, p75 ev).	3.8	In confirmation of the close tie of prophesy to proclaiming the Word, the following three renowned exegetists are cited: Floor (Hy wat met die Heilige Gees doop, p105) defines prophesy as the proclaiming of God's Word to the church. According to Calvin (Commentary on Romans 12:6; Institutes 44:1319), prophesy the accurate interpretation of Scripture and the gift to explain Scripture. J.D. du Toit (Totius) contends that prophesy in the New Testament points to the accurate understanding of Scripture for interpretation, for application to the comfort and admonishment of the church. Prophesy is today the inspired preaching and laying out of Scripture (Versamelde Werke, Book 6, p75 et seq.).
3.9	*Gevolgtrekking* Bostaande beredenering en uiteensetting toon aan dat die gawe van profesie nie versmal kan word tot 'n persoonlike openbaring wat spontaan in die samekoms uitgespreek word nie. Met die begrip dat profesie veral beteken dat die Woord van God aan die gemeente tot opbou, vertroosting en bemoediging bedien is, is dit duidelik dat die regte verstaan van profesie ingrypende betekenis sou gehad het vir die eksegetiese verklaring van 1 Kor 11 en 14. Want hoe kan 'n vrou by	3.9	*Conclusion* The above reasoning and setting out indicate that the gift of prophesy cannot be reduced to a personal revelation spontaneously uttered in the church. The understanding that prophesy is especially means that God's Word is ministered to the building up, comfort and encouragement of the church, it is clear that the correct interpretation of prophesy would have had a marked impact on the exegetic explanation of 1 Cor 11 and 14. How can a woman not speak if she could interpret Scripture

die beoordeling van die profete dan nie praat nie as sy wel met die profetiese gawe die Skrif in die gemeente kon uitlê. Dan roep 1 Kor 14:34-35 om 'n ander verstaan as die betekenis-inhoud wat Rapport 2009 daaraan gee.	through the gift of prophesy?! Then 1 Cor 14:34-35 calls for a different interpretation than that given in Report 2009.

F. **RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE / REPORT OF THE COMMISSION**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**1. Matters that the Synod takes note of**
1.1 Hoewel die Deputate Beoordeling Appèlle en Beswaarskrifte die Beswaarskrif ontvanklik verklaar het, is dit duidelik dat talle sake reeds te vore ter sprake was.	1.1 Although the Deputies Adjudication Appeals and Gravamina found the Gravamen receptive, it is clear that many of the matters have been tabled before.
1.2 Waar nodig word dit in die Rapport so aangedui.	1.2 Where necessary it is shown in the Report.
1.3 Die beswaarde meen dat daar bepaalde leemtes is in hierdie besluit van die Algemene Sinode 2009 oor die betekenis van 1 Kor 14:33–35 (Acta 2009:633-638,10.8; p656, 10.13.7).	1.3 The aggrieved claim that there are many gaps in this decision of General Synod 2009 on the meaning of 1 Cor 14:33-35 (Acta 2009:633-638,10.8; p656, 10.13.7).
1.4 Die leemtes sou 'n groot invloed gehad het op die bepaalde besluitneming van die Sinode.	1.4 These gaps would have a big influence on the decision-making of the Synod.
1.5 Hierdie beweerde leemtes wil hy in die Beswaarskrif uitlig en op grond daarvan word versoek dat die Sinodebesluit verander word.	1.5 These claimed gaps are shown in the Gravamen and based upon that the request is that the Synod's decision is changed.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.5 noted.**
2. Beoordeling van beswaargronde	**2. Evaluation of basis for objections**
Drie beswaargronde word aangevoer.	Three bases for objection are levelled.
2.1 *Beswaargrond 1*	2.1 *Basis for objection 1*
Bewering	**Claim**
Die beswaarde beweer dat Sinode 2009 vir die besluit oor die betekenis en implikasies van 1 Korintiërs14:33-35 die samehang en verband van 1 Korintiërs hoofstukke 11-14 in 'n groot mate nie in ag geneem nie.	The aggrieved claim that Synod 2009 did not consider the coherency and connections in 1 Corinthians chapters 11-14 for its decision on the implications and meaning of 1 Corinthians 14:33-35.
Verder dat 'n deeglike verrekening van die verband volgens Gereformeerde eksegese roep om 'n ander verstaan van 1 Korintiërs 14:33-35.	Further that a careful calculation of the relation according to Reformed exegesis calls for a different understanding of 1 Corinthians 14:33-35.
Hoewel die Rapport met die bespreking van 1 Kor 11 begin en aandag gee aan die agtergrond, die argument, ontstaan en die eerste lesers van die brief en hulle leefwêreld (p625-627), word die bespreking van 1 Kor 14 volgens die beswaarde beperk tot 1 Kor 14:26-40 met slegs 'n verwysing na die genoemde agtergrondsbespreking by 1 Kor 11.	Although the Report begins with the discussion of 1 Cor 11 and spends time on the background, the argument, creation, and first readers of the letter in their world (p625-627), the discussion of 1 Cor 14 is limited to only 1 Cor 14:26-40 with only a reference to the named background discussion as with 1 Cor 11; according to the aggrieved.
Beredenering	**Argument**
Dat 1 Kor 14:26-40 in die Rapport, behalwe	That 1 Cor 14:26-40 is discussed in the

die agtergrondsbespreking, sonder verwysing na 1 Kor 11 bespreek word, is slegs 'n oppervlakkige persepsie. In die baie belangrike bespreking van profesie deur vroue (pp629-630), word die verband tussen 1 Kor 11 en 1 Kor 14 op meer as een wyse gelê. Die verband tussen die twee hoofstukke is dus reeds vooruit aangedui. By die bespreking van die twee standpunte oor die sintese van1 Kor 14 (pp630-625) word daar egter nog duideliker na die verband tussen dié twee Skrifdele verwys. As voorbeeld dien die opmerking op p633 van die Rapport: "Waarom moet vroue onderdanig wees? Nie as gevolg van 'n samelewingsgebruik of een of ander tydelike omstandigheid nie, maar omdat "die wet dit sê" (1 Kor 14: 34).	Report without the background as with 1 Cor 11, is only a shallow perception. In the very important discussion of prophecy by women (p629-230), the connection between 1 Cor 11 and 1 Cor 14 is drawn in more than one way. The connection between the two chapters have thus been shown in advance. With the discussion of the two viewpoints on the synthesis of 1 Cor 14 (p630-625) there is even more clearly referred to the connection between the two parts of Scripture. As example serves the comment on p633 of the Report: "Why must women be submissive? Not as a result of a societal tradition or some or another circumstance in time, but because 'the law commands it'" (1 Cor 14:34).
Die bewering dat die bespreking van 1 Kor 14 in die Rapport tot 'n verwysing na die agtergrondsbespreking beperk is, is dus nie korrek nie.	The claim that the discussion of 1 Cor 14 in the Report is limited to a reference to background is thus not correct.
Motivering 1.3 **Bewering** In hierdie motivering maak die Beswaarde weer die bewering dat daar in die Rapport geen poging is om 1 Kor 14:33-35 in hul samehang met hoofstukke 11, 12 en 13 te bespreek nie. Verder beweer die beswaarde dat die Rapport, hoewel dit bondig en oorsigtelik aan die gedagte-opbou van 14:26-40 aandag gegee (p634-635), nie die opbou van hoofstuk 14 in sy geheel bespreek nie en ook verse 33-35 nie in hul samehang met die res van hoofstuk 14 bespreek nie. **Beredenering** Die bedoeling van die Rapport was nie om volledige eksegese te bied nie, maar alleen die neerslag van dit wat vir die Studie-deputate belangrik sou wees om duidelikheid te kry oor die Skrifgetuienis. Verskeie van die opmerkings wat die beswaarde maak ten opsigte van die verband tussen hoofstukke 11 tot 14, skep die indruk dat die Rapport by Sinode 2009 nie hierdie verbande gelê het nie, terwyl sodanige verbande wel in die Rapport aangedui word. Waar nodig sal hieronder daarop gewys word.	**Motivation 1.3** **Claim** The aggrieved once more claims that in the Report no attempt is made to discuss 1 Cor 14:33-35 in their coherency with chapters 11, 12, and 13. Furthermore the aggrieved claim that the Report, although it is short and only an overview, does touch on the thought-structure of 14:26-40 (p634-635) but doesn't discuss the build-up of chapter 14 in its entirety and doesn't discuss the connection of verse 33-35 with the rest of chapter 14. **Argument** The meaning of the Report wasn't to provide a full exegesis, but to only show the essence of what the Study deputies felt necessary to have clarity on Scripture. Many of the comments of the aggrieved in terms of the relationship between chapters 11 to 14 creates the impression that the Report by Synod 2009 did not lay these connections, while such connections are in fact shown in the Report. Where necessary it will be shown going forward.
Motivering 1.4 **Bewering** In aansluiting by die Rapport se stelling dat	**Motivation 1.4** **Claim** In following the Report's statement that the

die apostel in 1 Kor 11 vanuit beginsels van God se wil praktiese toepassings en adviese aan die Korintiërs gee, meen die beswaarde dat die praktiese toepassings: (1) self deel van die tradisies is wat Paulus aan hulle oorgelewer het (vers 1), (2) uiterlike, tyd- en plekgerigte praktiese sake behels wat Paulus besig is om te reël – reëlings wat wel vir die plaaslike gemeente geld, maar wat ook van toepassing op ander gemeentes kan wees. Verder wys die beswaarde daarop dat Paulus in 11:5 daarna verwys dat vroue ook in die erediens kon bid en profeteer, en maak dan die opmerking dat die Rapport 2009 stel dat hieruit afgelei kan word dat daar nie 'n algehele verbod op praat deur vroue in die gemeentelike samekoms was nie (Acta 2009:633, 10.7.5.4 en p637, 10.8.5.2b).	apostle in 1 Cor 11 provides practical applications and advice to the Corinthians, flowing from principles of God's will, the aggrieved claim that the practical applications are: (1) themselves part of the traditions that Paul taught them (verse 1), (2) external, time- and place minded practical matters that Paul is busy arranging – arrangements that were in place for the local congregation, but that could also be applicable to other congregations. The aggrieved also show that Paul refers in 11:5 to women who could pray and prophesy in the worship, and makes the remark that the Report of 2009 states that from this could be deduced that there was not a general prohibition on women speaking in the congregational gatherings (Acta 2009:633, 10.7.5.4 and p637, 10.8.5.2b).
Beredenering Die beswaarde stel 'n bepaalde mening, wat hy egter nie bewys nie. Oor pt (1) hierbo: Die oorlewering waarvan Paulus praat, moet nie met gewoon menslike tradisies of gewoontes verwar word nie. Dit sou verkondiging oor sowel leer as lewe insluit, en dan vanuit die verkondiging praktiese toespitsing op die lewe. Indien die beswaarde dus te kenne wil gee dat die praktiese toepassings op bloot menslike tradisies berus, berus dit op 'n ongeldige aanname. Oor pt (2): Hoewel die "natuur/kultuur"-argument in 11:13-15 as 'n argument beskou kan word wat die saak spesifiek vir die Korintiërs met hulle Griekse agtergrond sou ondersteun, blyk dit uit die res van die hoofstuk dat die res van sy mededeling bedoel is vir alle kerke. Indien die beswaarde dus te kenne wil gee dat praktiese reëlings noodwendig bloot tyd- en plekgerig is en nie vir alle kerke te alle tye geld nie, berus dit op 'n ongeldige aanname.	**Argument** The aggrieved voices a certain opinion which he does not prove. With regards to pt (1) above: The teaching that Paul speaks of must not be confused with normal human traditions or manners. It would have been ministering that included both doctrine and life, and then from the ministering a practical application to life. If the aggrieved thus wants to show that the practical applications simply rest upon simple human traditions, it rests upon a false assumption. With regards to pt (2): Although the "nature/culture"-argument in 11:13-15 can be seen as an argument would have supported the matter for the Corinthians with their Greek background, it would seem from the rest of the chapter that the rest of his teaching was clearly meant for all the churches. If the aggrieved thus wants to argue that practical arrangements necessarily are directed at a specific time and place, and not for all churches throughout all ages, it rests upon a false assumption.
Motivering 1.5 **Bewering** Die Beswaarde wys daarop dat die verskeidenheid van gawes waaroor Paulus in 12:1-11 skryf, asook die aanwending van die gawes en dienste wat tot goeie orde in die gemeente moet dien, bepaalde betekenis-inhoud vir die verstaan van 1 Kor	**Motivation 1.5** **Claim** The aggrieved shows that the diversity of gifts that Paul writes about in 12:1-11, as well as the application of the gifts and offices that must serve the congregation to good order, contains certain meaningful content for the understanding of 1 Cor 14. He raises

14 bevat. Hy lig die volgende sake uit: Dat die Gees aan die lede van die een liggaam elkeen afsonderlik gawes gee; Dat die gee van gawes, die plek van elkeen in die liggaam, asook die dienste in die gemeente nie op menslike willekeur nie, maar op die wil van God berus; Dat dit alles volgens God se wil geskied, sonder enige beperking wat genoem word; Dat hoofstuk 12 afsluit met 'n oproep vir goeie orde, naamlik: Lê julle toe op die belangrikste gawes (v31).	the following matters: That the Spirit separately gives gifts to each of the members of one body; That the giving of gifts, the place of everyone in the body, as well as the offices in the congregation, does not rest in the fickle will of man, but on the will of God; That it all happens according to the will of God, without any limitation being mentioned; That chapter 12 closes with an encouragement to good order, namely: Earnestly desire the highest gifts (v31).
Beredenering Die Rapport gee inderdaad nie 'n afsonderlike bespreking van 1 Kor 12 en die verband daarvan met 1 Kor 14 nie. Vergelyk in hierdie opsig egter weer die opmerking in die beredenering van 1.3 hier bo dat die bedoeling van die Rapport nie was om 'n volledige eksegese te bied nie. Die sake wat deur die beswaarde uitgelig word, asook ander sake in 1 Kor 12 is deur die Deputate veronderstel, sonder dat dit enige verskil aan die uitkoms van die Rapport sou maak. Die hoofstuk sluit inderdaad af met op 'n oproep vir goeie orde. Die oproep gaan egter nie daaroor dat elkeen die beste gawes moet probeer verkry nie, maar dat die beste gawes in die eredienste voorrang behoort te kry, juis ter wille van goeie orde. Beswaarde beweer dus maar toon nie oortuigend aan dat die Rapport en die besluit van Sinode 2009 'n ander uitkoms sou gehad het as die gemelde eksegetiese oorwegings uit 1 Kor 12 in die Rapport spesifiek vermeld was nie.	**Argument** The Report indeed does not give a separate discussion for each of 1 Cor 12 and the relationship with 1 Cor 14. See the argument at 1.3 above that the meaning of the Report was never to provide a full exegesis. The matters raised by the aggrieved, as well as other matters in 1 Cor 12 were supposed by the Deputies, without it making any change in outcome of the Report. The chapter indeed does end with the call to good order. The encouragement does not however encourage everyone to go and seek the best gifts in order to obtain them, but rather that the best gifts in the worship must be given priority for the sake of good order. The aggrieved thus does not claim convincingly that the Report and the decisions of Synod 2009 would have had another outcome if the named exegetical considerations from 1 Cor 12 would have been specifically mentioned.
Motivering 1.6 **Bewering** Die Beswaarde gee 'n bevatlike uiteensetting van die samehang van 1 Kor 11 tot 14. Dienooreenkomstig meen hy dat 1 Kor 13 liefde as die kernbeginsel vir die goeie ordereëlings in hoofstuk 14 stel, sodat die orde in 'n erediens veral in liefdesharmonie tot uitdrukking moet kom. **Beredenering** Weereens wys die beswaarde op hierdie eksegetiese materiaal sonder om aan te toon dat die Rapport, en die Sinode 2009, hierdie gegewens nie in ag geneem het nie, en dat dit 'n verskil aan die uitkoms van die Sinodebesluit sou maak. Die liefde wat	**Motivation 1.6** **Claim** The aggrieved gives a clear explanation of the coherency of 1 Cor 11 to 14. Following that he argues that 1 Cor 13 places love as the core-principle for the good order-arrangements on chapter 14, so that the order in a worship will come to the fore especially in the loving harmony. **Argument** Once again, the aggrieved show this exegetical material without showing that the Report, and Synod 2009, did not take this information into account, and that it would make a difference to the outcome of the Synod's decision. The love that Paul places

Paulus in 1 Kor 13 as hoogste weg stel, staan juis in samehang met ander Skrifuitsprake oor die liefde as samebindende element van die gebooie van God (Matt 22:36-40; Markus 12:28-34; Rom 13:8-10). Liefde kan nooit los van God se gebooie toegepas word nie, ook nie in ordereëlings vir die erediens nie (vgl 1 Kor 14:34d; Acta 2009:633). *Die beswaarde slaag dus nie daarin om die gegewens van 1 Kor 13 te gebruik as argument om die besluit van Sinode 2009 te veto nie.*	as the highest of ways on 1 Cor 13, stands in conjunction with other parts of Scripture where love is the unifying element of the laws of God (Matt 22:36-40; Mark 12:28-34; Rom 13:8-10). Love can never be applied apart from the laws of God, also not in the order-arrangements for the worship (ref 1 Cor 14:34d; Acta 2009:633). *The aggrieved thus does not succeed in using the information from 1 Cor 13 to veto the decision of Synod 2009.*
Motivering 1.7 **Bewering** Die beswaarde lei hierdie deel van sy Beswaarskrif in deur weer eens te wys op die verband tussen 1 Kor 12, 13 en 14. Hy volg dit op met 'n oorsig oor die verloop van Paulus se uiteensetting van en reëlings vir die plek van glossolalie in die ordelike verloop van eredienste. Verder wys hy op grond van die gedagteverloop van 1 Kor 14 dat die oproep om te profeteer soos 'n goue draad deur hoofstuk 14 loop. Dit lei hom tot die konklusie dat van al die aktiwiteite in die samekoms van die gemeente die uitdra van die Woord van God die hoogste prioriteit het. Na sy mening hanteer Paulus dan in hoofstuk 14 enkele praktiese faktore wat die uitdra van die Woord van God kan bemoeilik of dalk verhinder, naamlik: die onduidelikheid in die gemeente vanweë vreemde en onverstaanbare klanke en tale; die onordelikheid in die samekoms deurdat elkeen 'n bydrae wil maak; die ongemanierdheid van vroue se manier van praat en vrae vra wat vanuit heidense praktyke oorgedra word. **Beredenering** In die Rapport van 2009 word die samehang van 1 Kor 12, 13 en 14 duidelik erken. Die verloop van Paulus se bespreking oor die glossolalie is nie in die Rapport van 2009 ingesluit nie, aangesien dit geen direkte impak op die uiteindelik bevinding van die Rapport sou hê nie. Die oordeel van die word bevestig deur 'n groot aantal kommentare. Die Beswaarskrif se verwysing na "praktiese faktore wat die uitdra van Gods Woord bemoeilik of verhinder" is wel geldig, tensy	**Motivation 1.7** **Claim** The aggrieved commences this part of his Gravamen by once again showing the connection between 1 Cor 12, 13, and 14. He follows it with an overview of Paul's explanation of and arrangements for the glossolalia in the orderly flow of the worship. He continues to show based on the thought-flow of 1 Cor 14 that the encouragement to prophesise sits like a golden thread in chapter 14. It leads him to the conclusion that all the activities in the gathering of the congregation, has as its highest priority the ministering of the Word of God. In his opinion Paul then deals with a few practical factors that can help or hinder the ministering of the Word in chapter 14, namely: the illegibility of the congregation because of strange and incomprehensible sounds and languages; disorder in the meeting by everyone wanting to make a contribution; the rudeness of women whose way of asking questions and speaking came from heathen practices. **Argument** The Report of 2009 clearly acknowledges the coherency of 1 Cor 12, 23, and 14. The flow of Paul's discussion of the glossolalia was not included in the Report of 2009, because it would have had no direct impact on the eventual finding of the Report. This judgement is confirmed by a great number of commentaries. The Gravamen's reference to "practical factors that helped or hindered the ministering of God's Word" is valid, unless it

daarmee bedoel word dat Paulus se ordereëlings hieroor maar net as tydelik beskou word en geen prinsipiële begronding bevat nie. Aan die hand van vers 36 is dit duidelik dat die ordereëlings in 1 Kor 14 vir alle Christelike gemeentes geld, en vers 37 waarin Paulus verklaar dat wat hy skrywe, bevele van die Here is. Die drietal praktiese faktore wat die beswaarde noem, bied 'n geldige uiteensetting van sake wat in verse 26-35 genoem word. Dit kan beskou word as aanvullend tot die meer toegespitste uiteensettings in die Deputaterapport (Acta 2009:631-632).	is meant that Paul's arrangements hereto is only valid for that time and that no principle basis for them can be shown. According to verse 36 it is clear that the order-arrangements in 1 Cor 14 is meant for all Christian congregations, and verse 37 in which Paul declares that what he writes are commandments from God. The triple practical factors that the aggrieved mentions, shows a valid explanation of matters that was mentioned in verse 26-35. It can be seen as supplementary to the more applicable explanations in the Deputies' Report (Acta 2009:631-632).
Die laaste van die drie faktore in die Beswaarskrif bevat egter bewoording wat op die beswaarde se eie eksegetiese sintese berus. Dit is naamlik die konklusie wat hy maak dat dit in die verse slegs oor die "vroue se manier van praat en vrae gaan" dat die enigste probleem met hulle manier van vra was dat dit ongemanierd was; dat dié ongemanierde manier van praat en vra vanuit heidense praktyke oorgedra is.	The last of the three factors in the Gravamen contains wording that rests upon the aggrieved's own exegetic synthesis. He makes the conclusion that in these verses it only regards the "woman's way of speaking and questioning" that the only problem with their way of asking was that it was ill-mannered; that the ill-mannered way of speaking and questioning was carried over from heathen practices.
Hierdie saak is reeds deur die Rapport van 2009 gemeld en deur Sinode 2009 oorweeg (Acta 2009:634). Die konteks wys aan dat die swyggebod nie net oor een aspek of toegespitste situasie in die erediens geld nie maar algemeen van aard is. Daarmee word aangedui dat dit vir Paulus in hierdie verse nie maar net gaan oor die ongemanierde en voorbarige optrede waaraan vroue in na-volging van die heidene hulle in die erediens skuldig gemaak het nie; maar dat Paulus 'n algemene reël stel wat op God se wet berus.	This matter was already mentioned by the Report of 2009 and weighed by Synod 2009 (Acta 2009:634). The context show that the prohibition is not only valid for one aspect of a focussed situation on the worship, but that it is general in its nature. Thereby it is shown that for Paul, in these verses, it is not simply about the ill-mannered and promiscuous acts of women following in the footsteps of the heathens in worship; but that Paul states a general rule that rests upon God's law.
<u>Motivering 1.8</u> **<u>Bewering</u>** Die beswaarde wys baie mooi op die parallelle rangskikking van gedagtes in 1 Kor 11:2-16 en 1 Kor 14:33-36. Hy maak dan daaruit die volgende afleidings: Die feit dat die hoofbedekking in 1 Kor 11 :13,14 as "betaamlik" en "gepas" binne die destydse kultuuropset aangedui word, beteken dat Paulus, waar hy in 1 Kor 14:35 skryf dat dit "lelik/skandelik is vir 'n vrou om in die erediens te praat" en in 14:40 skryf dat alles "gepas en ordelik moet geskied" ook dit wat binne die destydse kultuuropset as skandelik en as gepas beskou is, in gedagte gehad	**<u>Motivation 1.8</u>** **<u>Claim</u>** The aggrieved beautifully shows the parallel arrangement of thoughts in 1 Cor 11:2-16 and 1 Cor 14:33-36. He makes the following deductions: The fact that a covering of the head in 1 Cor 11:13,14 was seen as "becoming" and "fitting" within the cultural setup of the times, means that Paul, where he writes in 1 Cor 14:35 that it is "unbecoming/shameful for a woman to speak in the worship" and in 14:40 writes that everything "must happen fitting and orderly" also had that which was shameful and that which was fitting for the times in mind.

het.
Die Gereformeerde Kerke het in ‘n vorige Nasionale Sinode besluit dat Paulus se reëling van ‘n hoofbedekking vir vroue in 1 Kor 11 bloot binne die destydse kultuuropvattings gegeld het en dus nie in die hedendaagse kulturele opset bindend is nie. Na aanleiding van die parallelle gedagtepatroon in 1 Kor 11 en 1 Kor 14, redeneer die beswaarde dan dat ‘n soortgelyke besluit ten opsigte van die swyggebod in 1 Kor 14 geneem moet word.

Beredenering

Die uiteensetting van die parallelle rangskikking van gedagtes tussen die twee Skrifdele is sekerlik geldig. Die Rapport van 2009 het, hoewel baie bondiger as die Beswaarskrif, aandag gegee aan die betekenis van “skandelik/lelik (αἰσχρόν)” in onderskeidelik 1 Kor 11:14 en 14:35.
Die besluit van ‘n vorige Sinode ten opsigte van een Bybelteks kan nie sonder meer (soos in die geval van ‘n presedent) voorgehou word as rede waarom oor ‘n ander teks dieselfde besluit geneem moet word nie. Die konteks en situasie van elke teks moet telkens in berekening gebring word. Juis die feit dat “skandelik/lelik” in 1 Kor 14:34 verbind word aan onderdanigheid volgens die wet (Sinode 2009:633-634), laat die aksente in 1 Kor 14 inderdaad anders val en bied geldige eksegetiese grond vir ‘n ander verstaan as in 1 Kor 11.

Motivering 1.9

Bewering

In hierdie afdeling gee die Beswaarskrif ‘n samevattende gevolgtrekking. Die punte wat die beswaarde saamvat is reeds beredeneer, daarom word hier net na een punt bykomend verwys.
Die beswaarde beweer vanuit die verwysing in 1 Kor 11:5 dat vroue kan bid of profeteer, dat die swyggebod in 1 Kor 14:34-35 nie ‘n algehele verbod op die praat deur vroue in die gemeentelike samekoms kan wees nie. Hierin beroep die beswaarde hom op die volgende hermeneutiese riglyne wat in Rapport 2009 gestel is:

a. dat die ontvouende karakter van die Skrif beteken dat latere Skrifdele op vroeëre Skrifdele voortbou;

Beredenering

Die Rapport van 2009 handhaaf die hermeneutiese riglyn in hierdie geval volledig

The Gereformeerde Kerke decided at a previous National Synod that Paul’s arrangement of a head-covering for woman in 1 Cor 11 simply counted within the cultural arrangements of the time and thus does not have a binding effect in the current cultural setup. Following the parallel thought-pattern in 1 Cor 11 and 1 Cor 14. The aggrieved argues that a similar decision must be made in terms of the prohibition to speak in 1 Cor 14.

Argument

The explanation of the parallel arrangement of thoughts between the two pieces of Scripture is valid. The Report of 2009, although more concise than the Gravamen, pay attention to the meaning of “shameful/ unbecoming (αἰσχρόν)” in both 1 Cor 11:14 and 14:35.
The decision of a previous Synod with regards to one Biblical text can not be taken (as in the case of a precedent) as the reason for why the same decision must be made about another text. The context and situation of each and every text must be brought into the equation. The fact that “shameful/ unbecoming” in 1 Cor 14:34 is tied to submissiveness under the law (Synod 2009:633-634), lets the accent fall in 1 Cor 14 on another interpretation and is indeed valid exegetical grounds for a different understanding as in 1 Cor 11.

Motivation 1.9

Claim

In this section the Gravamen gives a summarising conclusion. The points that the aggrieved summarise has already been argued, therefore there is only made mention of one additional point.
The aggrieved claim from the reference in 1 Cor 11:5 that women can pray or prophesise, that the prohibition in 1 Cor 14:34-35 is not a general prohibition on the speaking of women in the congregational worship. Herein the aggrieved call upon the following hermeneutical guidelines that was stated in the Report 2009:

a. That the deploying character of Scripture means that later parts of Scripture builds upon earlier parts of Scripture.

Argument

The Report of 2009 confirms the hermeneutical guideline in this case completely in

in die bespreking op p634-635: “In die lig van 1 Korintiërs 11:4 lyk dit of die “swyggebod” in 14:34-35 nie op algehele stilswye van vroulike lidmate dui nie, maar wel daarop dui dat hulle nie die Woord in gemeentelike byeenkomste amptelik mag bedien nie. Op sigself gee 1 Korintiërs 14:34-35 nie duidelike blyke hiervan nie, maar in die lig van ander duideliker Skrifdele soos 1 Tim 2:8-15 word dit duidelik dit dat dit wel so verstaan moet word”. b. dat verskillende Skrifuitsprake oor dieselfde saak nie botsend nie, maar aanvullend tot mekaar verstaan moet word.	the discussion on p634-635: “In the light of 1 Corinthians 11:4 it seems as if the “prohibition” in 14:34-35 does not point to a general silence of woman members, but to the fact that they may not officially minister the Word in official congregational gatherings. In itself 1 Corinthians 14:34-35 does not provide clear views on this, but in the light of clearer Scriptures like 1 Tim 2:8-15 it becomes clear that it should be understood this way. b. That different Scriptures on the same matter should not be taken as clashing, but be understood as supplementary to one another.
<u>Beredenering</u> Dieselfde voorbeeld uit die Rapport van 2009 bevestig dat ook hierdie riglyn gevolg is en nie deur die Deputate verontagsaam is nie. **Besluit: Punt 2.1 (beswaargrond 1) kennis geneem.**	**<u>Argument</u>** The same example from the Report of 2009 confirms that also this guideline was followed and not forgotten by the Deputies. **Decision: Point 2.1 (objection 1) noted.**
<u>Bevinding</u> Hierdie beswaargrond slaag nie daarin om te bewys dat Sinode 2009 vir die besluit oor die betekenis en implikasies van 1 Korintiërs 14:33-35 die samehang en verband van 1 Korintiërs hoofstukke 11-14 in ‘n groot mate nie in ag geneem nie. Verder bewys beswaarde nie dat ‘n deeglike verrekening van hierdie verband volgens Gereformeerde eksegese roep om ‘n ander verstaan van 1 Korintiërs 14:33-35 nie. Ook nie dat die bespreking van 1 Kor 14 beperk word tot 1 Kor 14:26-40 met slegs ‘n verwysing na die genoemde agtergronds-bespreking by 1 Kor 11 nie. **Besluit: Goedgekeur.**	**<u>Finding</u>** This basis for objection does not succeed in proving that Synod 2009 did not take into account the coherency and relationships of 1 Corinthians chapters 11-14 when deciding on the meaning and implications of 1 Cor 14:33-35. Furthermore, the aggrieved fails to prove that a decent calculation of these relationships according to Reformed exegesis calls for a different understanding of 1 Corinthians 14:33-35. They also fail to prove that the discussion of 1 Cor 14 is limited to 1 Cor 14:26-40 with only a reference to the mentioned background of 1 Cor 11. **Decision: Approved.**
2.2 *Beswaargrond 2* Die beswaargrond handel oor die begronding van swygopdrag. Die beswaarde beweer dat die Studierapport die grond hoofsaaklik soek in beoordeling van die profesieë vers 29, terwyl die verband in die eerste plek geleë is in die duidelike verband tussen swyg en onderdanig wees vers 34. Hy beweer ook dat daarmee die standpunt van die Rapport 2009 oor wedersydse onderdanigheid weerspreek word. **<u>Punt 2.1</u>** Hier word bloot ‘n stelling gemaak deur die beswaardes.	2.2 *Basis for objection 2* The basis for objection deals with the prohibition to speak. The aggrieved claim that the Study-report searches mainly for grounds in the judging of prophesies, verse 29, while the connection in the first place is found in the clear ties between being silent and being submissive, verse 34. He also claims that thereby the view on reciprocating-submissiveness is contradicted in the Report 2009. **<u>Point 2.1</u>** Here the aggrieved simply makes a statement.

Punt 2.2 **Bewering** Die beswaarde beweer dat die Rapport 2009 poog om 'n bepaalde inhoud te gee aan "swyg" op grond van 1 Kor 14:34-35. **Beredenering** Oor bewerings dat die swyggebod in die Rapport met wettiese strengheid hanteer word as iets wat met gesag op die vrou afgedwing word, is dit duidelik dat die bewerings in hierdie afdeling nie rekening hou met die feit dat Rapport 2009 deurlopend die onderdanigheid van die vrou (soos onder meer deur haar stilswye in gemeentelike samekomste getoon word) aan die verhouding tussen man en vrou verbind soos dit in Efesiërs 5 deur Paulus gestel word. As voorbeeld dien die opmerking op p633 van die Rapport: "Die onderdanigheid van vroue in die kerk dien as toonbeeld van die kerk wat onderdanig is aan háár Hoof, Jesus Christus (vgl 1 Kor 11:3-4; Ef 5:21-33)". Die analogie onderliggend hieraan is dat die kerk nie aan haar Hoof, Jesus Christus, slaafse onderdanigheid betoon, omdat sy met wettiese strengheid daarin gedwing word nie, maar dat sy dit gewilliglik en met liefde doen. Sy is daartoe verplig om sy leiding as haar Hoof te aanvaar en sonder enige teenspraak of murmurering na Hom te luister, ja, maar sy doen dit graag uit liefde. As die beswaarde hierdie deurlopende agtergrond in gedagte gehou het, sou hierdie beswaar van hom verval het. Miskien kon Rapport 2009 die gedagtelyn meer dikwels uitgelig het, juis om die persepsie wat in die Beswaarskrif na vore kom, te bekamp. Dit neem egter nie weg dat die verbinding met Ef 5 duidelik en beslis in Rapport 2009 bestaan nie.	**Point 2.2** **Claim** The aggrieved claim that the Report of 2009 attempts to give a certain content to "being silent" based upon 1 Cor 14:34-35 **Argument** As far as the claims go that the command to be silent is held in legalistic stringency in the Report of 2009, as something that is enforced upon the woman by authority; it is clear that the claims in this section does not take for their reckoning the fact that Report 2009 continuously ascribes the submissiveness of the woman (like amongst others is shown by her keeping silent in the meeting of the congregation) coming from the relationship between man and wife as it is described by Paul in Ephesians 5. As an example, serves the comments on p633 of the Report: "The submission of women in church serves as example of the church being submissive to her Head, Jesus Christ (ref 1 Cor 11:3-4; Eph 5:21-33)". The analogy underlying hereto is that the church does not show slave-like-submission to her Head, Jesus Christ, because she is forced to do so by strict legalistic enforcement, but by willingly and lovingly doing so. She is required to accept the guidance of her Head without any backchat or murmuring and listening to Him; this she eagerly does from love. If the aggrieved kept this continuous background in mind, this objection would have fell away. Maybe Report 2009 could have highlighted this thought more regularly, if only to disarm the perception that this Gravamen raises. It however does not take away that the relationship with Eph 5 is clear and exists in Report 2009.
Punt 2.3 en 2.4 **Bewering** Beswaarde beweer dat die Rapport oor sake soos die skeppingsorde van man en vrou, hulle twee-eenheid en gelykwaardigheid, en hulle onderlinge diensbaarheid nie konsekwent is nie. Daarvoor verwys hy in 2.3 na verskillende sake uit die Rapport 2009 en in 2.4 kom hy tot bepaalde gevolgtrekkings. **Beredenering** Die bewering dat die Rapport in hierdie inkonsekwent is, spruit waarskynlik daaruit voort dat die Rapport se hantering van hierdie sake nie met die standpunte van die	**Point 2.3 and 2.4** **Claim** The aggrieved claim that the Report is not consistent in terms of matters like the order of creation of man and woman, their dual-unity and equality, and their underlying service. For this he refers in 2.3 to different matters from the Report 2009 and in 2.4 he comes to certain conclusions. **Argument** The claim that the Report is not consistent in these matters are most probably found in the fact that the Report's handling of these matters does not agree with the aggrieved's

Beswaarde ooreenkom nie en dat hy daarin ‘n spanning of dan inkonsekwentheid beleef.	views on these matters and therefore a tension is created in which he experiences inconsistency.
Daarom is sy besware nie soseer gerig teen dit wat die Rapport oor hierdie sake stel nie, maar teen ‘n “*ondertoon van buig voor die man in die huwelik*” wat hy aanvoel (vgl 2.4.1).	Therefore, his objection is not so much directed against what the Report states on these matters, but against a “*underlying tone of bowing before the man in marriage”* that he feels (ref 2.4.1).
Hy voel ook aan dat die swyggebod die ware gees van wedersydse onderdanigheid tussen man en vrou negatief beïnvloed het (vgl 2.4.2). In Ef 5 word die wedersydse onderdanigheid juis gekwalifiseer in terme van onderskeie pligte wat beide man en vrou onderling in liefde en gewilligheid teenoor mekaar opneem: sy sal haar in liefde aan sy leiding onderwerp (waarvan swyg in die samekomste aldus 1 Kor 14 deel uitmaak), en hy sal in liefde haar koester, versorg en homself ter wille van haar opoffer.	He feels that the command to silence influenced the true spirit of reciprocating-submissiveness between man and woman negatively (ref 2.4.2). In Eph 5 the reciprocating-submissiveness is qualified in terms of the different tasks that both man and woman do in love and willingness to one another: she shall subject herself in love to his leadership (of which being silent on the worship according to 1 Cor 14 forms part), and he shall in love covet her, care for her, and sacrifice himself on her behalf.
Wat die twee-eenheid betref, stel die Rapport (in aansluiting by die 1988-rapport) dat die twee-eenheid van man en vrou by die skepping nie op eendersheid dui nie, maar dat elkeen ‘n eie plek inneem wat mekaar aanvul ter uitvoering van die skeppings-opdrag wat die man nie in sy alleenheid kon nakom nie. Die vrou is die hulp wat by hom pas, ‘n plek wat in geen opsig minderwaardig is nie.	As far as the dual-unity is concerned, the Report states (in accordance with the 1988-report) that the dual-unity of man and woman at creation does not point to similarity, but that each one takes their own place that enhances the other to the fulfilment of the creation-command that the man cannot succeed in alone. The woman is the help that fits him, a position that is in no way inferior.
Die Beswaarskrif stuur weg daarvan om die swygopdrag aan bogenoemde 3 sake te verbind, soos die Rapport wel doen. Hy beskou dit eerder as ‘n blote korrektief op die skandelike en ongemanierde optrede van vroue in die eredienste volgens heidense gebruike (2.4.3). Dit is ‘n verklaring wat duidelik berus op ‘n sosio-historiese uitleg van die teks. Oor hierdie sake is reeds in 3.14 hierbo geredeneer.	The Gravamen steers away from proving the command to silence from the above-mentioned 3 matters, as the Report on the other hand does. He rather sees it as a simple corrective on the shameful and ill-mannered acts of women in the worships according to heathen practices (2.4.3) It is an explanation that clearly rests upon a socio-historic explanation of the text. These matters have already been argued in 3.14 above.
Oor bewerings dat die Rapport ‘n ongeldige verbinding maak tussen die swyggebod en die beoordeling van profesieë (2.4.4 en 2.4.5):	As far as claims that the Report makes an illegal connection between the command to silence and the judging of prophesies (2.4.4 and 2.4.5):
Hoewel die Rapport ‘n pertinente punt maak oor die beoordeling van profesieë, word die swyggebod nie uitsluitlik daaraan verbind nie.	Although the Report makes a pertinent point on the judging of prophesies, the command to silence is not exclusively tied to it.
Dit blyk dus dat die swyggebod nie uitsluitlik aan die beoordeling van profesieë verbind kan word nie, maar tog duidelik daarmee verband hou, soos in Rapport 2009 aangetoon word. Die bewering in hierdie punt van die Beswaarskrif hou dus nie grond	It thus seems that the command to silence can not only be tied to the judging of prophesies, but that it does relate to it as is shown in Report 2009. The claim in this point of the Gravamen has no basis.

nie. **Besluit: Punt 2.2 (beswaargrond 2) kennis geneem.** **Bevinding** Die Beswaarde slaag nie daarin om te bewys dat die Studierapport die grond vir die swyggebod hoofsaaklik soek in beoordeling van die profesieë in vers 29, terwyl die verband in die eerste plek geleë is in die duidelike verband tussen swyg en onderdanig wees vers 34 nie. Hy bewys ook nie dat daarmee die standpunt van die Rapport 2009 oor wedersydse onderdanigheid weerspreek word nie. **Besluit: Goedgekeur.** 2.3 *Beswaargrond 3* **Bewering** In hierdie beswaargrond word beweer dat Rapport 2009 'n ongeldige skeiding maak tussen die diens van profete en leraars in die kerk. Die geldigheid van hierdie onderskeid is in 2.3 en 2.4 hierbo reeds uitvoerig beredeneer. Die Skrifdele wat in 3.1 van die Beswaarskrif gelys word wat na profesie en die belangrike plek wat dit in die gemeentelike samekomste ingeneem het, hef in geen opsig die onderskeid tussen profesie en lering op nie, maar ondersteun dit juis. In 3.2 tot 3.5 van die Beswaarskrif word op gewaande weersprekings in die Rapport gewys. Dit word hieronder bespreek. **Beredenering** Die beswaarde verwys in 3.3 na 10.8.5b van die Rapport waarin profesie, in teenstelling met die res van die Rapport, met prediking in verband gebring word. Natuurlik bestaan daar 'n verband tussen profesie en prediking, sonder dat die twee bloot aan mekaar gelykstel word. Die weerspreking in 10.8.5b waarna die Beswaarskrif verwys, is egter net oënskynlik. Die woorde in die betrokke afdeling lui: "Omdat die beoordeling van profesieë met die ouderlinge se toesig oor die gesonde leer verband hou en dus eie aan die regeerdiens is, beteken dit dat vroue in die lig van 1 Korintiërs 14:34 nie in die besondere diens van regering (ouderling) mag funksioneer nie". Dit stel slegs die verband tussen profesie en gesonde leer. Natuurlik moet ook die prediking getrou wees aan die gesonde leer, maar dit beteken nie 'n gelykstelling daarvan aan die profesie nie.	**Decision: Point 2.2 (objection 2) noted.** **Finding** The aggrieved does not succeed in proving that the Study-report mainly finds its grounds for the command to silence in the judging of prophesies in verse 29, while the relationship is found in the clear relationship between silence and submission in verse 34. He also does not prove that the viewpoint of Report 2009 on reciprocating-submissiveness is contradicted. **Decision: Approved.** 2.3 *Basis for objection 3* **Claim** In this basis for objection it is claimed that Report 2009 makes an unlawful separation between the office of prophets and teachers in the church. The validity of this distinction was already extensively argued in 2.3 and 2.4 above. The parts of Scripture that is listed in 3.1 of the Gravamen that refers to prophecy and the important place that it took in the congregational gatherings in worship, does not raise the distinction between prophecy and teaching, but supports it. In 3.2 to 3.5 of the Gravamen so called inconsistencies in the Report is mentioned. It is discussed below. **Argument** The aggrieved refers in 3.3 to 10.8.5b of the Report where prophecy, in opposition to the rest of the Report, is brought into relation with preaching. Of course, there exists a relationship between prophecy and preaching, without the two simply being equalled. The contradiction in 10.8.5b to which the Gravamen refers is only superficial. The words in the specific part reads: "Because the judgement of prophesies is related to the elders' oversight over the sound doctrine and thus is inherent to the governance-office, it means that woman in the light of 1 Corinthians 14:34 may not function in the specific office of governance (elder)". It simply states the relationship between prophecy and sound doctrine. Of course, the preaching must be in line with the sound doctrine, but t does not suppose an equation of it with the prophecy.

Punt 3.4 **Bewering** Die Beswaarde beweer in 3.4 dat die Rapport homself weerspreek deur enersyds te noem dat profesie as gawe in die gemeente tot vermaning, bemoediging en lering dien, en net daarna te noem dat profesie nie lering is nie. **Beredenering** Die Rapport stel egter nie in sy eerste stelling profesie en lering aan mekaar gelyk nie, maar noem dat profesie tot vermaning, bemoediging en lering dien. Anders as die leraardiens ontvang die profete openbarings van God af, maar steeds daardie openbarings wat hulle in hulle profesieë uitspreek tot lering van die gemeente. Vergelyk die bespreking oor profesie in (1).	**Point 3.4** **Claim** The aggrieved claim in 3.4 that the Report contradicts itself by firstly mentioning prophecy as a gift in the congregation to admonishment, encouragement, and teaching and then shortly after mentioning that prophecy is not teaching. **Argument** The Report does not state that teaching and prophecy are equal to one another, but mentions that prophecy can serve to admonish, encourage, and teach. Different to the office of teacher, the prophets received revelations from God, but still those revelations that they speak in their revelations to the teaching of the congergation. Ref. the discussion on prophecy in (1).
Punt 3.5 **Bewering** Die beswaarde verwys in 3.5 daarna dat profete in die destydse kerk prioriteit bo die leraar ontvang het en beweer dan dat dit die moontlikheid uitskakel dat hulle spontaan en nie-amptelik in die gemeente sou profeteer. **Beredenering** Die beswaarde verstaan die woorde "spontaan" en "nie-amptelik" in die Rapport anders as wat dit bedoel is. Met "spontaan" word bedoel sonder dat hulle deur die gemeente daartoe opdrag ontvang het; met "nie-amptelik" word bedoel sonder dat hulle amptelik deur die gemeente aangestel is. Dat die NT profete hulle opdrag en openbaring nie van die gemeente ontvang het nie, maar van die Here self, is hierbo uitvoerig beredeneer. Sinode 2009 het blykbaar die Rapport volgens sy bedoeling verstaan.	**Point 3.5** **Claim** The aggrieved refers in 3.5 to the prophets in the first-church receiving priority above the teacher and claims that it excludes the possibility that they would have spontaneously and non-officially prophesised to the congregation. **Argument** The aggrieved understands the words "spontaneously" and "non-official" in the Report different to how it was meant. With "spontaneously" is meant that without them receiving an assignment from the congregation; with "non-official" is meant that without them having been appointed to do so. That the NT prophets did not receive their mandate and revelation from the congregation but from God was sufficiently argued above. Synod 2009 understood the Report according to its meaning.
Punt 3.6 en 3.7 **Bewering** In 3.6 en 3.7 van die Beswaarskrif word beweer dat die feit dat profesieë ook tot opbou van die gemeente gedien het, beteken dat profete nie, soos dit in Rapport 2009 genoem word, nie-amptelike openbarings kon ontvang nie. **Beredenering** Hierdie bewering berus weer eens op 'n misverstand oor die betekenis van "nie-amptelik" soos hierbo genoem is.	**Point 3.6 and 3.7** **Claim** In 3.6 and 3.7 of the Gravamen it is claimed that the fact that prophesies could serve to the build-up of the congregation, means that prophets could not, as it is mentioned in Report 2009, receive non-official revelations. **Argument** This claim rests upon a misunderstanding of the meaning of "non-official" as was mentioned above.

Punt 3.8 **Bewering** In 3.8 word beswaar aangeteken teen Rapport 2009 se stelling dat profesie nie gelyk is aan lering nie. Beswaarde verwys na Calvyn, Totius en Floor, wat al drie uitdruklik sê dat daar 'n noue verband tussen profesie en die verkondiging van die Woord is. **Beredenering** Weereens: Die noue verband tussen profesie en Woordverkondiging (wat reeds hierbo verduidelik is) stel profesie nog nie aan Woordverkondiging gelyk nie. Die laaste opmerking in 3.8, met verwysing na Totius, naamlik "Om te profeteer is vandag die besielde prediking en die uitlegging van die Skrif" stel die NT profesie eweneens nie gelyk aan Woordverkondiging nie. Dit dui wel daarop dat die profesie soos ons dit in die NT leer ken, nie meer bestaan nie, aangesien die kanon intussen afgesluit is (vgl die beredenering vroeër in hierdie dokument). Die mate waarin die NT profesie wel met die prediking verband gehou het, is egter wel in die hedendaagse prediking gekontinueer. **Besluit: Punt 2.3 (beswaargrond 3) kennis geneem.** **Bevinding** Ook in hierdie opsig slaag die Beswaarskrif nie daarin om 'n weerspreking in Rapport 2009 aan te toon of dat die Rapport 2009 'n ongeldige skeiding maak tussen die diens van profete en leraars in die kerk nie. **Besluit: Kennis geneem.** **4. Finale bevinding en aanbeveling** Die Beswaarskrif slaag in nie een van die drie gronde nie en daarom word die Beswaarskrif afgewys. **Besluit: Goedgekeur.**	**Point 3.8** **Claim** In 3.8 objection is levelled against Report 2009's statement that prophecy is not equal to teaching. The aggrieved refers to Calvin, Totius, and Floor, whom all 3, pertinently says that there exists a close relationship between prophecy and the Ministering of the Word. **Argument** Once again: The close relationship between prophecy and Ministering of the Word (which has already been explained above) does not yet put prophecy and Ministering of the Word equal to one another. The last comment in 3.8, with reference to Totius, namely "To prophesise today, is the excited preaching and explanation of Scripture" does not equate NT Prophecy to Ministering of the Word. It does point to the prophecy as we get to know it in the NT, no longer existing, because the canon has in the meantime been concluded (ref. the arguments earlier in this document). The ways in which NT Prophecy relates to preaching has continued in the modern day. **Decision: Point 2.3 (objection 3) noted.** **Finding** Also in this sense the Gravamen does not succeed in showing a contradiction in the Report 2009 or to show that Report 2009 makes an illegal distinction between the office of prophets and teachers in the church. **Decision: Noted.** **4. Final finding and recommendation** The Gravamen does not succeed in one of the three bases and therefore the whole of the Gravamen does not succeed. **Decision: Approved.**